

Nuusweek

Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

FM
Pretoria

Nommer 83, Jaargang 2

11 September 2026

www.pretoriafm.co.za



Laai af en
deel op al jou
WhatsApp-
groepe



[Foto: wsj.com]

25 JAAR LATER

Charlie Kirk:
Een jaar later

04

Plaasaanval-slagoffers
na Washington

06

Staal jouself
vir El Niño

07

Griekwas vs Pumas
in eindstryd

28

OMODA C7
ONMISKENBAAR DEUR ONTWERP



OMODA | JACCOO
CENTURION

120 Ivan Avenue
Hennospark
Centurion

012 880 7009

www.omodajacooecenturion.co.za

'n Aanval op die hart van Amerika

Redaksie

Op 11 September 2001 word die wêreld geruk deur 'n aanval op die Verenigde State van Amerika, toe eers een en later 'n tweede passasiersvliegtuig in die Wêreldhandelsentrum in New York vasvlieg. Later tref nog een die Amerikaanse verdedigingsmagte se hoofkantoor, die Pentagon. 'n Vierde stort in Pennsilvanië neer nadat passasiers beheer van die vliegtuig probeer oorneem, en sodoende word 'n aanval op die Amerikaanse Kongres afgeweer.

Die hoof van Internasionale Skakeling by Solidariteit, Jaco Kleynhans, sê die terreuraanval op die VSA 25 jaar gelede was 'n reuseskok vir die magtigste land in die wêreld.

“Dit het 'n ongekende vlak van patriotisme oor die kort termyn onder die meeste Amerikaners ontken. Dit het egter ook tot 'n groot emosionele reaksie gelei wat terugskouend 'n oordrewe noodsaak vir drastiese stappe veroorsaak het. Die sogenaamde oorlog teen terreur, die sentralisering nasionale veiligheidsinstellings in die Departement van Binnelandse Veiligheid en die aanvaarding van die Patriot Act was van die gevolge. Die oorloë in Afganistan en Irak het ook uit dié reaksie voortgevloei. President George W. Bush en sy regering wou aan Amerikaners bewys dat hulle ferm, vinnig en daadkragtig op die aanvalle kon reageer. Vandag, 25 jaar later, is daar 'n breë gevoel dat die reaksie op die verkeerde bedreigings gefokus het.”

Kleynhans sê hoewel die dood van 3000 Amerikaners 'n reusetragedie was, het dit ook 'n debat oor die globale rol van die VSA en die land se posisie as belangrikste supermoondheid ontken.

“Die aanval was gemik op die hart van die VSA se militêre (Pentagon) en ekonomiese (Wall Street) sentrums. Sedert September 2001 kon die VSA 'n herhaling van Islamitiese terreuraanvalle grootliks voorkom, maar dit het teen 'n reusekoste gebeur. Die omvang van die opgradering van veiligheidsmaatreëls by lughawens, die omvattende monitering van miljoene mense se oproepe, foonboodskappe en ander kommunikasie en optrede, en die



algemene verlies aan privaatheid van miljoene Amerikaner, het ernstige vrae oor burgerlike vryhede laat ontstaan. Dit het ook tot 'n groterwordende kloof tussen Washington en gewone burgers gelei.”

Volgens Kleynhans het die mislukte oorloë in Irak en Afganistan Amerikaners negatief gestem teenoor Amerikaanse militêre operasies, nie net in die Midde-Ooste nie, maar regoor die wêreld.

“Die vraag waarop geen Amerikaanse administrasie tot nou 'n antwoord kon kry nie, is watter metodiek die beste sal slaag om Islamitiese terreur teen te werk. Ten spyte daarvan dat biljoene dollars oor 25 jaar aan die stryd teen terreur gespandeer is, is die situasie steeds kritiek. Vandag, 25 jaar ná die 11 September-aanvalle moet die VSA, steeds as globale supermoondheid, diestryd teen Islamitiese terreur herbedink. Massa-immigrasie skep in die VSA, maar ook ander Westerse lande 'n teelaarde vir terreur. Die Trump-administrasie se stryd teen massa-immigrasie en die beëindiging van miljoene se verblyfreg in die VSA, is 'n stap in die regte rigting. Dit kan egter nie die enigste oplossing wees nie. Die gesprek oor terreur, oor Amerikaanse nasionale veiligheid, die VSA se rol in die Midde-Ooste, anti-Westerse sentiment as katalisator vir terreur en hoe daar met lande in Afrika en die Midde-Ooste saamgewerk behoort te word om terreur teen te werk, is nog nie afgehandel nie. Die 25-jaar-herdenking is 'n gulde geleentheid vir besinning hieroor.”

'n Politieke ontleder verbonde aan die Universiteit van Pretoria, Roland Henwood, sê dié aanvalle het 'n groot invloed gehad op die wyse waarop die Amerikaners politiek benader en hoe hulle oor die res van die wêreld dink.

“Dit is die eerste keer dat 'n aanval van buite die gebied van die VSA geloods is en dit is die eerste keer dat 'n aanval op Amerika plaasgevind het waar nie net Amerika se grondgebied nie, maar ook die Pentagon en die ekonomiese hart van Amerika geteiken is.”

Henwood sê die aanval het die geloof dat Amerika in 'n groot mate onaantasbaar is, vernietig. Hy sê verder dat die sogenaamde ewigdurende oorloë ook 'n gevolg van die aanval was. Henwood sê die “oorlog teen terreur” wat in die volgende jare sou volg, het die indruk by die VSA se vyande laat posvat dat die VSA 'n boelie is en sy eie wil afdwing ten koste van ander.

Henwood sê dit is moeilik om te bepaal wat die blywende gevolg van 9/11 is.

“Die kinders van diegene wat betrokke was, is nou jong volwassenes en dit is waarskynlik die geval, soos meestal met hierdie soort wêreldgebeure, dat dié wat direk geraak is 'n ander bewustheid het daarvan en anders op herinneringe reageer.” **N**

Lees meer oor 911 op bladsy 2

Die meesterbrein

Redaksie

Die meesterbrein agter die aanvalle op die VSA op 11 September 2001 was 'n terroristeier van Saoedi-Arabië en die stigter van die Islamitiese ekstremistiese groep Al-Qaeda, Osama Bin Laden.

Bin Laden is in 1957 in Riaad, Saoedi-Arabië, gebore as die seun van 'n welgestelde sakeman. Bin Laden het sy pa se konstruksieryk geërf en in die 1980's na Afghanistan gegaan om teen die Sowjet-besetting te veg. Daar het hy 'n netwerk van Islamitiese vegters (moedjahedien) opgebou.

Bin Laden het 'n heilige oorlog teen die Weste verklaar en die VSA, Israel en sogenaamde afvallige Moslemstate as vyande beskou. Die aanvalle wat op 11 September 2001 onder sy leiding plaasgevind het, het die lewens van byna 3 000 mense geëis. Ná die aanvalle het Bin Laden oorwegend ondergronds geleef tot Amerikaanse magte hom in 2011 in Pakistan opgespoor en om die lewe gebring het. **N**



Osama Bin Laden

Die samesweringsteorieë

Redaksie

Kort ná die gebeure op 11 September 2001 het verskeie samesweringsteorieë die lig gesien. Een van die teorieë is dat dit nie vliegtuie was wat die torings van die Wêreldhandelsentrum ineen laat stort het nie maar springstof wat vooraf op strategiese plekke geplaas is om 'n beheerde ontploffing moontlik te maak. Ondersteuners van die teorie haal graag ter ondersteuning van dié bewerings die spoed van die ineenstorting aan en die wyse waarop die geboue in hulle eie voetspoor geval het.

Nog 'n teorie is dat elemente binne die Amerikaanse regering (of intelligensiedienste) vooraf kennis gehad van die aanvalle, maar dit toegelaat of selfs gefasiliteer het. Die motief daarvoor sou wees dat die VSA 'n verskoning gefabriseer het om oorloë in Afghanistan en Irak te begin, wat die uitbreiding van militêre en intelligensiemagte sou benodig en die implementering van die Patriot Act sou moontlik maak. **N**



Die slagoffers



Redaksie

Die oorgrote meerderheid van die slagoffers was gewone burgerlikes wat veral in die finansiële sektor werksaam was. Die slagoffers was ook nie net Amerikaners nie, maar mense van meer as 90 verskillende nasionaliteite. 'n Groot groep van diegene wat op die dag gesterf het, was reddingswerkers wat die slagoffers te hulp gesnel het. Dit sluit in 343 brandweermanne van die New York-brandweerdienste, 37 polisiebeamptes wat die Wêreldhandelsentrum bewaak het en 23 polisiebeamptes van die New York Polisiediens wat op die toneel aangekom het.

'n Verdere 246 van diegene wat hulle lewens op die dag verloor het, was passasiers en bemanningslede op die onderskeie vliegtuie. Die amptelike dodetal is 2 977. Dié getal sluit nie die aanvallers in nie. **N**

TORGA OPTICAL

NUWE

STYLE NOU

Volledige rame + lense pakket vanaf slegs **R1499**

BESKIKBAAR

Skandeer die QR kode om jou oogtoets te boek

150 WINKELS LANDWYD

*T&V's geld. Vra asseblief jou oogkundige vir meer inligting

Een jaar ná moord op Charlie Kirk

Redaksie

Die afgelope week was dit een jaar sedert die moord op politieke kommentator en mediapersoonlikheid Charlie Kirk. Kirk was veral bekend vir sy podsending, The Charlie Kirk Show, en sy gereelde oop gesprekke op universiteitskampusse waar hy met studente in gesprek getree het oor aktuele en soms omstrede kwessies soos regstellende aksie, geloof en ekonomiese perspektiewe. Die gesprekke is onder die vaandel van Turning Point USA aangebied, wat Kirk op die ouderdom van 18 gestig het.

Alhoewel Kirk nooit 'n amptelike politieke posisie beklee het nie was hy 'n prominente rolspeler in die Republikeinse Party en die Amerikaanse president, Donald Trump, se MAGA-beweging. Kirk geniet ook erkenning vir die mobilisering van jong kiesers in aanloop tot Trump se verkiesing as president in 2024.

In Mei 2021 is Kirk met Erika Frantzve getroud. Die egpaar het twee kinders en het in Scottsdale, Arizona, gewoon. Op 10 September 2025 is Kirk op 31-jarige ouderdom vermoor terwyl hy by Utah Valley University in Orem, Utah, in gesprek met studente was. Tyler Robinson staan tans tereg op Kirk se moord en sal weer op 23 Oktober vanjaar in die hof verskyn, nadat die regter bevind het dat die staat genoeg bewyse voorgelê het dat Robinson geweet het sy skoot vanuit 'n dak meer as 120 meter weg 'n groot risiko vir ander mense (insluitend kinders) by die byeenkoms geskep het.

Kirk se vrou, Erika, het ná Kirk se dood die leierskap van Turning Point USA oorgeneem. **N**



INSOLVENSIE REGSFIRMA


FRANCOIS UYS INC
ATTORNEYS / PROKUREURS

Francois Uys Prokureurs is 'n Pretoria-gebaseerde insolvensieregsfirma wat spesialiseer in Sekwestrasies, Likwidاسies en Rehabilitاسies vir Individue en Maatskappye.

Francois Uys, as 'n regsfirm, is al vir meer as 33 jaar suksesvol in die verteenwoordiging van individue en korporاسies in komplekse en uitdagende sake.

ONS DIENSTE



Sekwestrasie



Likwidاسie



Rehabilitاسie

KLIK HIER VIR MEER INLIGTING



www.uysincorp.co.za

+27 12 654 9247 | web@uysincorp.co.za



Telkom
RADIO
—  AWARDS

Stem vir
PretoriaFM
en staan 'n kans om
R40 000
te wen

Stem by
www.radioawards.co.za
en klik op
MyStation Competition

Drie slagoffers van plaasaanvalle op pad na Washington



Redaksie

Drie persone wie se lewens ingrypend deur plaasaanvalle in Suid-Afrika geraak is, sal op 25 en 26 September 2026 aan die Witkruisprojek-program in Washington, D.C. deelneem. Lex Libertas het die week in 'n verklaring aangekondig dat Amanda Platt, Heidie Taljaard en Leon Lotz die organisasie na die VSA sal vergesel waar hulle hul ervarings by 'n konferensie sal deel en ook aan die oprigting van 3 000 wit kruise op die National Mall sal deelneem.

Platt het in Augustus 2023 'n wrede aanval op 'n plaas buite Pietermaritzburg oorleef. Tydens die aanval het ses gewapende mans probeer om hul weg in die huis in te dwing wat sy met haar man, Tim, gedeel het. Amanda is met 'n koevoet geslaan en met 'n spies gestek. Een van die aanvallers het "Kill the Boer" geskreeu terwyl hy probeer het om haar deur 'n gebreekte

deuropening te sleep. Ten spyte van haar beserings het Amanda daarin geslaag om te ontsnap, alarm te maak en daarna na die huis terug te keer omdat haar man steeds binne was.

Taljaard het beide haar ouers, Dan en Breggie Brand, asook haar suster Elzabie verloor toe hulle in Julie 2020 op hul kleinboewe naby Hartswater in die Noord-Kaap aangeval en vermoor is. Hul liggame is later in die veld gevind nadat hulle uit hul huis ontvoer is. Taljaard het sedertdien geskryf oor die trauma, rou, geregtigheid, vergifnis en geloof wat op die moorde gevolg het, en sal praat oor die blywende gevolge wat plaasmoorde inhou vir die families wat agterbly.

Lotz en sy familie het oor 'n tydperk van jare verskeie plaasaanvalle beleef. In 2010 het agt aanvallers sy skoonfamilie se plaas naby Parys binnegeval, waar sy skoonpa

vermoor is, sy skoonma ernstig aangerand is en sy vrou, Adel, voor hul kinders verkrag is. Lotz het lede van sy familie oor die telefoon hoor skreeu terwyl hy hom na die toneel gehaas het. Sy getuienis sal fokus op die gevolge wat herhaalde gewelddadige aanvalle op sy familie en sy lewe as boer gehad het.

Die uitvoerende direkteur van Lex Libertas, dr. Ernst Roets, sê die doel van die konferensie is nie bloot om statistiek, regsargumente of politieke teorie te bespreek nie.

"Dit is noodsaaklik dat internasionale gehore ook direk hoor van persone wie se lewens permanent verander is deur die geweld wat ons bespreek. Dit gaan nie oor abstrakte idees of syfers nie. Dit gaan oor werklike ervarings van werklike persone, families en gemeenskappe." **N**



Vir u gratis aflewering
skakel: 012 324 3294



LPG GAS

Veilig
Wettig
Doeltreffend

Gas
Installasie
en COC
sertifikate

WWW.EPGGAS.CO.ZA

Boere moet nou al beplan vir die sterkste El Niño nóg

[Foto: business-tech.co.za]

Seugnet van Zyl

Hoewel boere gemaan word om nou al voorbereidings te begin tref vir die sterkste El Niño nóg, word daar nie verwag dat voedselpryse noodwendig die hoogte gaan inskiet nie.

Dawie Roodt, hoofekonoom van die Efficient Group, sê hy is tans nie te bekommerd oor voedselpryse wat kan styg as gevolg van die uitdagings wat dié weerverskynsel aan boere kan stel nie.

“Ek dink ons het langer as net een jaar se El Niño nodig en ’n langer tydperk van hoër dieselprijs voordat dit ’n werklike impak op hoër voedselprijs gaan hê.”

Die Suid-Afrikaanse Weerdiens (SAWD) sê die meeste El Niño's veroorsaak laer as normale reënval en hoër as normale temperature.

Die jongste weervoorspellings dui daarop dat hierdie El Niño van nou af net baie sterker gaan word. Daar word verwag dat die 2026/27-El Niño ondergemiddelde reënval na Suidelike Afrika sal bring, met ’n hoë frekwensie van hittegolwe daarmee saam. Dié El Niño kan waarskynlik daartoe lei dat 2027 die warmste jaar ooit sal wees.

Bennie van Zyl, hoofbestuurder van TLU SA, sê ’n sterk El Niño kan groot druk op Suid-Afrikaanse boere plaas, veral as dit

minder reën en lang tydperke van hoë temperature meebring.

Vir saaiboere kan dié weerverskynsel swakker ontkieming, skade aan gewasse, laer opbrengste en hoër produksiekoste beteken. Veeboere kan weer met minder weiding, watertekorte en duurder voer sit. Uiterste hitte kan ook diere se gesondheid en produksie benadeel.

Van Zyl maan boere om betyds te begin voorberei deur plaaslike weervoorspellings en grondvog dop te hou, waterbronne en besproeiingstelsels na te gaan, water doeltreffend te gebruik en waar moontlik genoeg voer op te bou.

“El Niño verhoog die kans op warmer en droër toestande, maar die uitwerking sal nie oral dieselfde wees nie. Boere moet die voorspellings vir hul eie streek volg en hul water, voer, aanplantings en finansies betyds daarvolgens beplan. Dit kan ’n uitdagende produksiejaar wees, en deeglike beplanning sal belangriker as ooit wees.”

Volgens Van Zyl moet boere daarom hul aanplantings, verwagte opbrengste en uitgawes so goed moontlik teen mekaar opweeg.

“Hierdie besluite sal van streek tot streek en van plaas tot plaas verskil.”

Dr. Theo de Jager, direksievoorsitter van Saai, som 2026 as die “perfekte storm” op met ongekende oorstromings, beken-kloueer en hoë koste van kunsmis en diesel.

“Daar word voorspel dat die jaar sal eindig met ’n warm, droë somer, wat boere dwing om hul produksieplanne en insetbegrotings te hersien. Dit is nie ’n jaar om kanse te waag met marginale lande nie.”

Saai doen ook ’n beroep op boere vir noukeurige beplanning en om vroegtydige ondersteuningsmaatreëls in te stel. **N**



Twee van die El Niño's met die grootste impak op Suid-Afrika was dié van 1982/83 en 2015/16, wat wydverspreide droogte meegebring het.

Volgens die SAWD het die baie sterk El Niño van 1997/98 gelei tot ietwat hoër as normale reënval oor dele van Suid-Afrika se somerreënvalgebiede.

Huishoudings onder druk wyl hoër brandstofpryse wink

Redaksie

Terwyl Suid-Afrika se ekonomie in die tweede kwartaal van vanjaar met 0,2% gekrimp het, blyk dit dat motoriste in Oktober rekordbrandstofpryse in die gesig staar. Die ekonomiese inkrimping in die tweede kwartaal volg ná groei van 0,4% in die eerste kwartaal.

Volgens Statistiek Suid-Afrika was die grootste negatiewe bydraers die handel, wat met 1,9% afgeneem het, die vervaardigingsektor, wat met 1,8% gekrimp het, en mynbou, wat met 3% gedaal het. Daar was egter groei in onder meer vervoer, finansiële dienste, die regeringsektor en persoonlike dienste.

Intussen wys die jongste syfers van die Sentrale Energiefonds daarop dat die prys vir 95-oktaan petrol met R2 per liter kan styg en dié van 93-oktaan met R1,88.



Diesel kan met tussen R1,50 en R1,80 per liter styg.

Volgens die Altron Fintech- huishoudelike veerkragtigheidsindeks het Suid-Afrikaanse huishoudings se finansiële veerkragtigheid het in die eerste kwartaal van die jaar onder druk gekom, ondanks 'n verbetering op jaargrondslag. Dié indeks wys daarop dat sowat 90 000 poste in die formele sektor in die eerste kwartaal verlore gegaan het. Dit wys ook dat langtermynversekeringspolis wat opgegee word met 24,3% op 'n jaargrondslag toegeneem het, wat daarop dui dat huishoudings langtermynspaargeld gebruik om korttermyn-inkomstegapings te oorbrug.

Altron FinTech se Johan Gellatly sê die verlies aan formele werkseleenthede is die belangrikste faktor in die verswakking. **N**

THE FINAL COUNTDOWN

SUPER SEPTEMBER LENTE-AANBIEDINGE!

KAARTJIES SLEGS R150 P.P.!

AANBIEDINGE SLEGS GELDIG IN SEPTEMBER!

FAMILIE-AANBOD:
4 KAARTJIES VIR R500
 GEBRUIK KODE **FAMILY**
 WANNEER JY 4 KAARTJIES BESPREEK.

PARTYTJIE-AANBOD:
10 KAARTJIES VIR R1,000
 GEBRUIK KODE **PARTY**
 WANNEER JY 10 KAARTJIES BESPREEK.

012 880 2727 | BARNYARDTHEATRE.CO.ZA



Tommy Dell

Redaksie

Die bekende Country-sanger, Tommy Dell veg vir sy lewe ná 'n motorongeluk die afgelope week in Mbombela (Nelspruit).

Dieselfde motorongeluk het die lewe van die bekende musiekagent, Mara van der Bergh, en haar assistent, Samantha Fuller, geëis.

Fondsinsameling vir Tommy Dell wat veg vir sy lewe

Dell, Van der Bergh en Fuller was op pad terug van 'n vertoning toe hulle in 'n botsing met 'n bakkie betrokke was.

Van der Bergh en Fuller is op die toneel dood verklaar.

Dell is in 'n kritieke toestand in die Nelspruit Mediclinic.

Wimpie van der Sandt van Bok Radio sê egter dat die hoësoorgeenheid waar Dell tans versorg word sy mediese fonds uitgeput het en dat hy nog nie sterk genoeg is om na 'n ander hospitaal vervoer te word nie.

'n Back-a-Buddy-skarebefondsingsveldtog is intussen deur Bok Radio vir Dell op die been gebring wat ook deur Pretoria FM ondersteun word.

Van der Sandt sê die koste om aan Dell die nodige sorg te gee beloop tussen R80 000

en R100 000 per dag.

Van der Sandt het Dell as 'n positiewe, liefdevolle mens wat enige iets vir sy medemens sal doen beskryf.

"Hy het al soveel mense geraak met sy musiek en net sy menswens, dat ons glo ons kan die doelwit bereik wat ons nodig het."

Die stasiebestuurder van Pretoria FM, James Kemp, sê Dell is 'n gewilde sanger wat baie geliefd is onder Pretoria FM se luisteraars.

"Oor die jare het hy help skryf aan die klankbaan van baie van ons luisteraars se lewens."

Die Back-a-Buddy-veldtog kan hier ondersteun word - www.backabuddy.co.za/campaign/tommy-dell **N**

SAPD-dierehospitaal moet sluit, sê DA se Ian Cameron

Esmarie Yssel

"Moenie honde aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens skenk óf verkoop nie!" Dís die DA-LP, Ian Cameron, se oproep aan die publiek, nadat hy dit sy doelwit gemaak het om geregtigheid te laat seëvier in die saak van Sky, die polisie hond, wat Woensdag aan haar beserings beswyk het.

Die 5-jarige Belgiese Herdershond is dood, nadat sy uit 'n hokkie by die SAPD se dierehospitaal in Roodeplaat, Pretoria, probeer ontsnap het. Sy is sedert Maart vanjaar elke dag vir sowat 18 ure in dié hokkie toegemaak.



Sky – wat as brand-opsporingshond indiens van die polisie was – het veelvoudige beenbreuke en snywonde aan haar gesig en voorbene opgedoen wat tot

lewensbedreigende bloedverlies en uiteindelik tot die afsterf van weefsel en orgaanversaking gelei het.

Cameron sê Sky het ernstige angste ervaar wanneer sy in 'n hok toegemaak is, en hoewel die bestuur van die veteriniere instelling herhaaldelik daarvan ingelig is, is daar niks daaraan gedoen nie.

"'n Amptelike veeartsverslag van die SAPD stel dit duidelik dat Sky aan hok- en skeidingsangste gelei het. Polisiebeamptes het versoek dat sy na 'n geskikte huis gestuur word, terwyl administratiewe prosesse afgehandel word, maar die proses het vir maande gesloer," het Cameron verduidelik.

Cameron het intussen sterk teen die polisie uitgevaar, omdat 'n ondersoekbeampte nog nie aan die saak toegeken is nie, en dít, nadat hy die strafsak oor Sky se beserings reeds Dinsdag om 12:00 by die polisie ingedien het.

"Ek het nog geen bevestiging gekry dat enigeen geskors, herontplooï of verwyder is nie," het Cameron gesê.

"As 'n menslike polisielid onder verdagte omstandighede gesterf het, sou die SAPD nie so lank gewag het voordat 'n behoorlike strafregtelike ondersoek begin is nie. Dit blyk nou dat die dossier verkeerdelik by

die Pretoria Sentraal-SAPD geregistreer is, eerder as by die Kameeldrift-SAPD, wat jurisdiksie oor die Roodeplaat-gerief het.

"Die SAPD moet verduidelik hoe dit gebeur het, waar die dossier tans is, wie die ondersoekbeampte is en watter ondersoekstappe tot dusver gedoen is."

Ontnugtering en woede het onder diere liefhebbers posgevat nadat Sky Woensdagoggend by die Onderstepoort Veteriniere Akademiese Hospitaal van kant gemaak moes word.

Cameron het ondanks die strafregklagte ook klagte by die Nasionale Diere-beskermingsvereniging se Spesiale Projekte-eenheid en die Suid-Afrikaanse Veteriniere Raad gelê.

Hy het die saak intussen ook by die Onafhanklike Polisieonderzoekdirektoraat, Opod, aanhangig gemaak.

Hy staan onverskrokke in sy oortuiging dat die verantwoordelike persone moet boet en sê die dierehospitaal moet toegemaak word totdat die polisie kan bewys dat hulle na die diere kan kyk.

"Dieresorg moet gedentraliseer word na welbestuurde en bevoegde veeartse in die direkte omgewing. Daar is geen rede vir daai plek om oop te bly, terwyl dit 'n doodsvonnis vir diere is nie." **N**



Afrikaners is nie tydelike besoekers aan Afrika nie

Jaco Kleynhans die afgelope week in die Europese Parlement

Redaksie

Solidariteit het die afgelope week in die Europese Parlement gewaarsku dat die Suid-Afrikaanse regering se toenemend rasgedrewe wetgewing, asook staatsverval en vyandigheid jeens minderhede, Afrikaners stelselmatig uit hul eie land dryf.

Jaco Kleynhans, hoof van Internasionale Skakeling by Solidariteit, het dié boodskap tydens 'n byeenkoms van Patriots for Europe in Brussel gelewer. Kleynhans is tans op 'n skakelbesoek aan Europa.

In sy toespraak het hy aangevoer dat die amptelike verhaal van versoening, 'n reënboognasie en positiewe transformasie al hoe verder verwyderd raak van die werklikheid wat gewone Suid-Afrikaners beleef.

“Die verskuilde waarheid oor Suid-Afrika is dat ras weer die ordeningsbeginsel van die staat geword het. Dit gebeur nie per ongeluk nie, maar deur wetgewing, regulasies, teikens en kwotas wat mense volgens velkleur kategoriseer en minderhede as 'n probleem behandel wat bestuur moet word.”

Volgens Kleynhans het die ANC nooit ten volle van 'n revolusionêre bevrydingsbeweging na 'n regering in diens van

alle burgers ontwikkel nie. Na sy mening is dit duidelik uit die ANC se sosialistiese ideologie, struggle-retoriek en buitelandsebeleidsbelyning met onder meer Rusland, China, Iran en Kuba.

Kleynhans sê Suid-Afrika word vandag deur 'n omvangryke netwerk van raswette, kodes en teikens beheer en het as voorbeeld die gewysigde Wet op Gelyke Indiensneming gebruik, wat aan die regering die mag verleen om numeriese rasse-teikens vir 18 beroepsektore vas te stel.

Kleynhans het ook gewys op navorsing deur die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI) en die Vryemarkstigting wat die jaarlikse koste verbonde aan voldoening aan swart ekonomiese bemagtiging op tussen R145 miljard en R290 miljard, sowat 2% tot 4% van die bruto binnelandse produk, beraam.

Volgens Kleynhans word groei, werksgeleenthede en dienslewering ter wille van hierdie rassesome en tot voordeel van 'n klein, politieke verbonde elite opgeoffer. Dieselfde ingesteldheid het staatskaping en die verval van Eskom, Transnet en talle munisipaliteite moontlik gemaak.

Hy het ook gewaarsku dat Suid-Afrika se buitengewone vlakke van geweld, waaronder wrede plaasaanvalle, nie van

staatsverval losgemaak kan word nie en dat gemeenskappe toenemend hul eie veiligheid moet finansier, terwyl emigrasie en 'n verouderende minderheidsbevolking toon hoe vertroue in 'n toekoms in die land afneem.

“Afrikaners is nie tydelike besoekers aan Afrika nie. Ons taal, kerke, skole, universiteite, plase en kultuur is oor bykans vier eeue hier opgebou. Ons is van Afrika én deel van die Westerse beskawing. Ons sal nie as 'n volk emigreer of verskoning vra omdat ons hier wil voortbestaan nie.”

Kleynhans sê dat Solidariteit nie vir internasionale simpatie vra nie, maar vir eerlike erkenning en samewerking. Hy sê die doelwit moet wees die beëindiging van rasgedrewe wetgewing, beskerming van moedertaalonderrig en gemeenskapsinstellings, ruimte vir gemeenskapsveiligheid en die erkenning dat selfbeskikking 'n normale demokratiese strewe is.

“Ons antwoord op staatsverval en uitsluiting is nie om te verdwyn nie, maar om te bou. Ons sal ons eie instellings versterk, ons gemeenskappe beveilig en internasionale steun werf vir die reg om as Afrikaners vry, veilig en voorspoedig in Suid-Afrika voort te bestaan.” **N**

Waardevolle Franse skilderye gesteel

Seugnet van Zyl

Skaars 'n jaar ná die diefstal van miljoene euro se juwele by die Louvre-museum in Parys, het rowers twee Renoir-skilderye in die suide van Frankryk gesteel.

Die twee rowers het aanvanklik met vier skilderye gevlug, nadat hulle net ná 06:00 Dinsdag 'n gat met 'n elektriese saag in die tuinheining van die Cagnes-sur-Mer-museum gesny het. Daarna het hulle deur 'n venster toegang tot die museum verkry.

Dit het die rowers minder as 5 minute geneem om vier van Pierre-Auguste Renoir se bekendste skilderye te steel: "Madame Colonna Romano" en "Young Woman at the Well", wat aan Parys se bekende Orsay-museum behoort en op bruikleen by die Cagnes-sur-Mer-museum was, en "Madame Pichon" en "Coco Reading", wat Renoir se jong seun, Claude, uitbeeld.

Hulle is egter deur die polisie agternagesit en het die laasgenoemde twee skilderye tydens die jaagtog agtergelaat.

Die gesteelde skilderye is na raming sowat nege miljoen euro werd.

Bryan Masson, plaaslike burgemeester, sê dié skilderye is onberekkenbaar waardevol.



Young woman at the well

"'n Aanval op die Renoir-museum, is 'n aanval op ons geskiedenis en erfenis."

Volgens Masson was die rowers goed toegerus en goed ingelig om die rooftog te onderneem. Hulle het helms, handskoene en gevegstoerusting (in Engels: *combat gear*) aangehad.

Masson het 'n beroep op die Franse regering gedoen om bykomende befondsing te voorsien om kunsversamelings te help

beskerm "teen toenemend georganiseerde en vasberade misdadigers."

Pierre-Auguste Renoir se huis in Nice is in 1960 in dié museum omskep. Dit was sy laaste huis voor sy dood in 1919 en buiten vir verskeie van dié kunstenaar se gewildste en waardevolste skilderye, huisves dit ook sy skilderesel, sy rolstoel, beeldhouwerke sowel as foto's en persoonlike briewe. **N**

Bronne: Reuters, CNN en BBC.



Madame Colonna Romano



Madame Pichon

SÊ HALLO VIR MEER KLIËNTE!
ADVERTEER IN
NUUSWEEK



BEREIK JOU
TEIKENMARK



MEER SIGBAARHEID
VIR JOU BESIGHEID

Laat een van ons konsultante jou help om
jou besigheid na die **volgende vlak** te neem.
Stuur 'n e-pos na



adverteer@pretoriafm.co.za

Kennisgewings

Boedels: Likwidasië / Distribusie

In die boedel van wyle: **ELLEN CORLIENA WEBB HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ**

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **11 SEPTEMBER 2026 tot 2 OKTOBER 2026**, by die **PRETORIA SENTRAAL LANDDROSHOF** en **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, PRETORIA**.

In die boedel van wyle: **ELLEN CORLIENA WEBB**
Identiteitsnommer: 420921 0024 082 Laaste Adres: 111 Fry Street., Moregloed, Pretoria

Boedelnommer: 001353/2026 Langslewende gade se naam en van: N/A Identiteitsnommer: N/A

Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

Adverteerder : **HURTER SPIES INGELYF**
Adres : Posbus 14505, Lyttelton, 0140
Telefoon : 012 941 9239
KENNISGEWING GEPLAAS TE WORD OP:
11 SEPTEMBER 2026
Publikasiedatum
11-September-2026
NRK5984284

In die boedel van wyle: **IRMA JANSEN**

HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **11 SEPTEMBER 2026 tot 2 OKTOBER 2026**, by die **PRETORIA SENTRAAL LANDDROSHOF** en **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, PRETORIA**.

In die boedel van wyle: **IRMA JANSEN**
Identiteitsnommer: 660130 0110 003 Laaste Adres: 14 Blackbeard Street, The Reeds X15, Centurion, Pretoria
Boedelnommer: 006646/2025 Langslewende gade se naam en van: N/A Identiteitsnommer: N/A

Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

Adverteerder : **HURTER SPIES INGELYF**
Adres : Posbus 14505, Lyttelton, 0140
Telefoon : 012 941 9239
KENNISGEWING GEPLAAS TE WORD OP:
11 SEPTEMBER 2026
Publikasiedatum
11-September-2026
NRK1334392

Boedels: Likwidasië / Distribusie

In die boedel van wyle: **JOHN FREDERICK BIDDULPH**

HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **11 SEPTEMBER 2026 tot 2 OKTOBER 2026**, by die **TEMBISA LANDDROSHOF** en **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, PRETORIA**.

In die boedel van wyle: **JOHN FREDERICK BIDDULPH**
Identiteitsnommer: 540227 5114 083 Laaste Adres : 4370 Midstream Estate Ext 56, Midstream, Pretoria, 0181
Boedelnommer: 012965/2022 Langslewende gade se naam en van: N/A Identiteitsnommer: N/A

Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

Adverteerder : **HURTER SPIES INGELYF**
Adres : Posbus 14505, Lyttelton, 0140
Telefoon : 012 941 9239
KENNISGEWING GEPLAAS TE WORD OP:
11 SEPTEMBER 2026
Publikasiedatum
11-September-2026
NRK3457447

In die boedel van wyle: **SUSANNA ELIZABETH DE KLERK**

HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **11 SEPTEMBER 2026 tot 2 OKTOBER 2026**, by die **PRETORIA SENTRAAL LANDDROSHOF** en **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, PRETORIA**.

In die boedel van wyle: **SUSANNA ELIZABETH DE KLERK**

Identiteitsnommer: 340710 0079 080 Laaste Adres: 120 Middle Street, Nieuw Muckleneuk, Pretoria, 0181
Boedelnommer: 000993/2023 Langslewende gade se naam en van: N/A Identiteitsnommer: N/A

Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

Adverteerder : **HURTER SPIES INGELYF**
Adres : Posbus 14505, Lyttelton, 0140
Telefoon : 012 941 9239
KENNISGEWING GEPLAAS TE WORD OP:
11 SEPTEMBER 2026
Publikasiedatum
11-September-2026
NRK3199358

Boedels: Likwidasië / Distribusie

In die boedel van wyle: **MICHEL HEYNS KIRCHNER**
HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **11 SEPTEMBER 2026 tot 2 OKTOBER 2026**, by die **CULLINAN LANDDROSHOF** en **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, PRETORIA**.

In die boedel van wyle: **MICHEL HEYNS KIRCHNER**
Identiteitsnommer: 580119 5040 080 Laaste Adres: 100 Pêrel Street, Rayton, 1001

Boedelnommer: 012787/2022 Langslewende gade se naam en van: N/A Identiteitsnommer: N/A

Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

Adverteerder : **HURTER SPIES INGELYF**
Adres : Posbus 14505, Lyttelton, 0140
Telefoon : 012 941 9239
KENNISGEWING GEPLAAS TE WORD OP:
11 SEPTEMBER 2026

Publikasiedatum
11-September-2026
NRK6435948

Boedels: Debiteure / Krediteure

IN DIE BOEDEL VAN WYLE: MACHTEL MAGDELENA WHELAN

KENNISGEWING AAN KREDITEURE IN DIE BOEDEL VAN WYLE: MACHTEL MAGDELENA WHELAN

GEBORE: 20 MARCH 1941
IDENTITEITSNOMMER: 410320 0080 081 EN
NAGELATE EGGENOOT: N/A IDENTITEITSNOMMER
GADE: N/A ADRES: 893 CONDONIA ROAD,
WAVERLEY, 0186

BOEDELNOMMER : 005407/2026 DATUM VAN AFSTERWE: 7 JUNE 2026

Skuldeisers en skuldenaars in bogemelde boedel word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal aan die ondergetekende binne 'n tydperk van **30 dae vanaf 11 SEPTEMBER 2026** by

Hurter Spies Prokureurs – 012 941 9239 of info@hurterspies.co.za.

Publikasiedatum
11-September-2026
NRK1836504

Adverteer jou Regskennisgewings

Om jou regskennisgewings te adverteer, stuur nou 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za.

Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer.



HART MARK

kom besoek ons nuwe winkel by

CHAMELEON VILLAGE



BESTE GESKENKE,
100% SUID-AFRIKAANS



DAAGLIKS OOP
VAN 8:00-17:30



GESINS
VRIENDELIK



OOP 364 DAE
PER JAAR



HARTEBESPOORT,
NOORDWES

...WAAR KWALITEIT, VAKMANSKAP EN PLAASLIKE TROTS ONDER EEN DAK BYMEKAAR KOM...



P^{FM}
Pretoria

25%

afslag

op Nuusweek-regskennisgewings



Om jou regskennisgewings te adverteer,
stuur nou 'n e-pos na

adverteer@pretoriafm.co.za



Jou regskennisgewings word in
Pretoria FM se e-publikasie,
Nuusweek, asook op ons
webblad gepubliseer



Om toegang tot die
regskennisgewings te verkry
besoek

www.nuusweek.co.za

Nuusweek

— Regskennisgewings —

Bepalings en voorwaardes geld.

Lesers se beurt

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

Die DA-LP en voorsitter van die parlementêre portefeuljekomitee oor polisie, Ian Cameron, het strafregtelike klagtes by die polisie gelê nadat 'n polisie hond genaamd Sky ernstig by die SAPD se dierehospitaal in die Rooideplaats-omgewing beseer en later dood is.

Hier is wat lesers daarvoor te sê gehad het:



Elize Kuipers

Flippen gemors. Hoop hulle word swaar gestraf. Waar was Sky se hanteerder?

Anice Krüger

Dit is tyd dat daar iets gedoen word aan hierdie mense!! As mens die nuus oopmaak is dit oor diere wat verniel word!! Nee man!! Die mense wat in magsposisies is kom by en doen iets!!! Hierdie soort mense hoort nie in die samelewing nie!!

Estelle du Toit

Dis hoog tyd. Arme diere kan mos nie vir hulleself praat nie.

Lorraine van der Merwe

Dan vra die Polisie nogal vir mense om honde te skenk. Nooit in 'n duisend jaar 'n hond van ons werf af nie.

Zähn Kruger

Dit is skandelik!!!!

Arme dier!

Angeline Snyman

Die skuldiges moet vervolgt word, want dis pure nalatigheid.

Helena Botha

Sluit die persone ook in so 'n klein hokkie toe! Jy as hondehanteerder behoort beter na jou hond te kyk. Daardie dier het jou vertrou!

Anneke Pieterse

Hoop hulle word ook in so hokkie ingegooi en van vergeet.

Ons wil graag van jou hoor.

Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.



Trump moet op suksesrekord fokus en nie vreemde afleidings nie



Die verandering van die Amerikaanse deelstaat New-Mexico se naam na New-America, die verandering van Lake Ontario na Lake America, die voortdurende handelsoorlog met Kanada, omstrede sosialemediaplasings wat onder andere Ysland by die VSA op 'n kaart insluit en ander gekke opmerkings deur president Donald Trump die afgelope tyd staan nie in diens van sy administrasie se rekord die afgelope 19 maande nie. Trump sal op die suksesse van sy regering moet fokus en afleidings vermy indien die Republikeine 'n rampspoedige middeltermynverkiezing wil voorkom.

Die afgelope week het die Republikeine 'n spesiale middeltermynkonvensie in Dallas, Texas gehou. Dit is steeds duidelik dat daar op grondvlak in die MAGA-beweging baie energie bestaan en groot steun is vir Trump. In die gemiddeld van die laaste 11 geloofwaardige peilings die afgelope vier weke in die VSA geniet Trump steeds die steun van 39,6% van.

Die Iran-oorlog het geweldig baie energie van die Trump-administrasie die afgelope maande opgeneem. Dit het Amerikaners se persepsie oor die Amerikaanse ekonomie baie negatief geraak – veral weens hoë oliepryse en kommer oor inflasie. Trump het Woensdag in Dallas baie hard probeer om die oorlog te motiveer. Wat hy eerder moet doen is om die krag van die Amerikaanse ekonomie te motiveer en Amerikaners te oortuig dat dit wel goed gaan met die land se ekonomie.

Die afgelope weke word die grafskrif vir die Trump-administrasie weer orals in die Suid-Afrikaanse, maar ook internasionale media geskryf. Dit is egter oneerlik, kortsigtig en tekenend van mense wat weinig van die Amerikaanse politieke landskap verstaan.

In die RealClearPolitics gemiddeld van peilings het president Barack Obama op 9 September 2014 'n steunvlak van 42% gehad. George W. Bush se steun het op 9 September 2006 op 41,2% gestaan. Trump s'n was Woensdag op 39,6%. Dit beteken dat daar 'n reuserisiko vir Trump en die Republikeine is om op 3 November 'n loesing by die stembus te kry.

Daar is egter ook 'n ander scenario moontlik. Trump het nog nooit die goedkeuring van 'n meerderheid van Amerikaanse kiesers geniet nie. Vorige presidente, soos Obama en Bush (Biden word uitgesluit, want hy het slegs een termyn gedien), het met tye die steun van heelwat meer as 50% van die kiesers geniet. Wat Trump egter wel aan sy kant het, is 'n reuse-, aktivistiese en uiters lojale magsbasis.

Die stempersentasie in middeltermynverkiezings is altyd besonders laag. In 2006 was dit maar 41,3%. In 2010 was dit 41,8%, in 2014 36,7%, in 2018 50% en in 2022 46,2%. Dit beteken dat 'n meerderheid van Amerikaanse kiesers nie in middeltermynverkiezings gaan stem nie. Gewoonlik wen die party wat nie in regering is nie middeltermynverkiezings omdat hulle eenvoudig beter daarin slaag om hulle afkeur in die regering by die stembus te gaan toon.

In die era van Trump geld ou reëls egter nie meer nie. Dieselfde mense wat Trump nou afskryf, het in 2022 en 2023, toe Trump die een regsak na die ander in die gesig gestaar het, en duisende van sy ondersteuners vir die opstand op 6 Januarie 2021 by die kongresgebou vervolgt is, die einde van Trump aangekondig. In 2024 het Trump egter 'n beslissende oorwinning behaal.

Ten spyte van ongegronde bewerings is die MAGA-basis so sterk soos ooit vantevore. Dit beteken miljoene MAGA-voetsoldate gaan oor die volgende weke stemme werf en mense by die stembus kry. Die Demokrate is verdeeld, het min fondse vir die verkiezing gewerf en het in talle deelstate totaal radikale kandidate.

Indien die stempersentasie, soos verwag, vanjaar weer minder as 50% is, maak Trump se steun van 40% onder kiesers nie soveel saak nie. Die vraag is bloot watter 50% van Amerikaners gaan stem.

Die huidige Trump-administrasie bly een van die mees transformerende administrasies in dekades in Washington. Vir enige konserwatiewe persoon is die lys van oorwinnings omvangryk. Die wyse waarop die woke-beweging uit instellings gedryf is, die vermorsing van Amerikaanse belastinggeld op gekhede

soos genderstudies by universiteite regoor die wêreld (ook in Suid-Afrika) en die finansiële ondersteuning aan linkse media beëindig is, is alles reusesuksesse.

Die Trump-administrasie het verlede jaar blitsvinnig 'n einde gebring aan onwettige immigrasie. Tans word 10 000 onwettige immigrante en asielsoekers weekliks gedeporteer terwyl die buitelandse bevolking in die VSA die afgelope 19 maande met meer as 1 miljoen afgeneem het, soos wat mense ook vrywillig na hulle lande van herkoms terugkeer.

Die Amerikaanse ekonomie toon ook sterk groei onder Trump met 'n hoër groeikoers as enige ander Westerse land. Verlede maand is daar meer as 150 000 nuwe werkseleenthede in een maand geskep.

Amerikaanse olie- en gasproduksie het rekordvlakke bereik en die VSA het onlangs die eerste land geword wat meer as 100 miljoen metrieke ton vloeibare aardgas (LNG) in 'n enkele jaar uitgevoer het.

Misdaad het sedert Trump se terugkeer na die Withuis drasties afgeneem. Die moordsyfer het in 2025 tot sy laagste vlak in 125 jaar gedaal.

Elon Musk se DOGE en 'n reuseveldtog van deregulering het honderde miljarde aan spandering bespaar. Die federale burokrasie is met ongeveer 10% verminder, nadat die federale werksmag onder Biden in 4 jaar met 20% gegroei het.

Die Trump-administrasie se sterk fokus op die herlewing van die Westerse beskawing en 'n sterk fokus op samewerking met volkere, groepe en organisasies wat die Westerse beskawing wil beskerm en laat herleef, is van groot belang.

Trump sal oor die volgende agt weke op hierdie suksesse moet fokus en nie sy aandag laat aflei nie. Die Iran-oorlog moet beëindig word, MAGA-kiesers moet gemobiliseer word om op 3 November te gaan stem en Amerikaners moet hulle vertroue in Trump herwin om groot ekonomiese sukses oor die volgende twee jaar te bewerkstellig. Dit kan nog gebeur, maar die tyd raak min. **N**

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

Hoë petrolpryse! Sa(so)l dit help?



Oktaanpyn in Oktober

Motoriste hou asem op om te hoor hoe groot die skok werklik op 7 Oktober gaan wees wanneer die petrolprys volgens alle aanduidings tot sy hoogste vlak ooit gaan styg. Met vroeë aanduidings dat daar 'n stewige onderverhaling is, en met geen einde in sig vir die konflikte in Oekraïne en die Midde-Ooste nie, het die prys van Brent-ru-olie in die tweede week van September weer die \$100-vlak oorgesteek. Elke keer wanneer die R/\$-wisselkoers en die olieprys voorgehou word as rede vir 'n petrolprysstyging, doem dieselfde vrae by verbruikers op: Wat maak Sasol om druk op die verbruiker te verlig?

Draai eers gou die horlosie terug

Alhoewel die Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie Beperk (Sasol) amptelik op 26 September 1950 geregistreer is, strek sy oorsprong verder terug. Daar bestaan meer as een metode om steenkool na sintetiese, vloeibare brandstof te verwerk, maar die bekendste en gewildste metode (en ook die een waarop Sasol sy grondslag gevorm het) is die Fischer-Tropsch-metode wat in Julie 1925 gepatenteer is deur Franz Fischer en Hans Tropsch van die Kaiser Wilhelm-

instituut in Duitsland. Kort daarna in 1927 is 'n Witskrif in die Suid-Afrikaanse parlement ter tafel gelê wat die amptelike beleidsdokument geword het vir die moontlikheid om op groot skaal vloeibare brandstof uit steenkool te vervaardig. In die vroeë 1930's het Anglovaal saam met 'n Britse onderneming, Burmah Oil Company 'n raffinadery in Boksburg opgerig om olie uit skalie vanuit die Ermelo-omgewing te produseer. 'n 1935-plan van Anglovaal om olie uit steenkool te vervaardig, is eers deur die Tweede Wêreldoorlog, en later deur die ontdekking van winsgewende goudneerslae in die Vrystaat in die wiewe gery. In 1950 is die regte aan die regering oorgedra en is Sasol in die lewe geroep.

Sasolburg sien die lig

Die privaat sektor was huiwerig om kapitaal te voorsien vir dié riskante projek, en die Nywerheidsontwikkelingskorporasie het die eerste Sasol-aanleg gefinansier, sowel as die dorp en die Sigma-steenkoolmyn waar die grondstof gemyn sou word. Die aanleg is suid-oos van Vanderbijlpark aan die Vrystaat-kant van die Vaalrivier opgerig. Die dorp Sasolburg het op reusesteenkoolreserwes net wes van die aanleg uit die Vrystaatse vlaktes begin

verry, ongeveer op dieselfde tyd as die eerste Iranse oliekrisis – ook bekend as die Abadan-krisis (1951-1954).

Tydens en kort na afloop van die Joom Kippur-oorlog in 1973 het uitvoerbeperkings deur Arabiese lande die ru-olieprys met meer as 300% laat styg en kort daarna – in Desember 1974 – is Sasol II aangekondig. Nóg 'n olie-krisis, dié keer in 1979, het die bou van 'n derde aanleg as 'n replika van die tweede een by Secunda verhaas. Steenkool was volop, maar geld was nie.

Die Wet van Transvaal

Weens die enorme koste van die Secunda-projekte, en 'n haas om die land in 'n mate teen pryssskotte en invoerbeperkings te beskerm, is 'n gemengde finansieringsmodel gebruik. Die verbruiker het die grootste onkoste gedra deur middel van 'n brandstofheffing wat tot so onlangs as 1988 nog betaalbaar was. R525 miljoen rand (ongeveer R20 miljard in vandag se terme) is in 1979 beskikbaar gemaak met die notering van Sasol op die Johannesburgse Aandelebeurs.

Invoerpariteit: Sondaar of sondebok?

Pryse, prosesse en produkte het die afgelope 76 jaar aansienlik verander, sommige ten goede en ander ter kwade. Waar 'n hoë olieprys tot enorme winste vir 'n onderneming soos Sasol kan lei, is die teendeel ook waar wanneer oliepryse daal. Weens die aanvanklike koste van die steenkool-tot-vloeistof-proses het die regering dit goed gedink om die onderneming teen wisselende faktore op internasionale markte te verskans. Een daarvan, tariefbeskerming wat op 'n vloerprys vir olie gebaseer is, is eers in 1999 uitgefaseer. Nog een, invoerpariteit, is vandag nog met ons. Dit het tot gevolg dat die prys van plaaslik vervaardigde petrol teen dieselfde kleinhandelprys vasgestel word as ingevoerde petrol. Afhangende van die produksiekoste van petrol uit steenkool en die ru-olieprys op 'n gegewe tydstip, is dit wiskundig moontlik dat dié praktyk in sommige

Na bladsy 17



Hoë petrolpryse! Sa(so)l dit help? (vervolg)

Van bladsy 16

omstandighede die plaaslike komponent in pryse verlaag en in ander gevalle verhoog. Ongeag of dit 'n voordeel of 'n nadeel vir die motoris inhou, is sommige voorstanders van 'n vryemarkstelsel hewig teen die invoerpariteitsmodel gekant. Sommige navorsers is egter van mening dat dit onbeduidend is en dat Sasol nooit bedoel was om goedkoper petrol tot gevolg te hê nie, maar eerder 'n stabiele voorraad moes verseker.

Hoeveel bring Sasol na die tenk?

Om Sasol se petrolproduksie vandag as persentasie van die Suid-Afrikaanse verbruik uit te druk, is geen maklike taak nie, omdat betroubare statistiek oor die totale plaaslike verbruik nie geredelik beskikbaar is nie. Die onderneming se uitsetsyfers is egter beskikbaar en volgens die jongste jaarverslag vir die 2026-geldjaar, is daar by sy Sekunda-aanlegte in die verslagtydperk 7,26 miljoen ton vloeibare sintetiese brandstof uit steenkool vervaardig. Dit is die ekwivalent van 140 000 tot 160 000 vate ru-olie per dag. By die Natref-aanleg, wat Sasol saam

met TotalEnergies bedryf, is ongeveer 100 000 vate ru-olie per dag verwerk nadat dit per pypleiding tot daar vervoer is. Ongeveer 35% van die totale uitset was diesel en 65% petrol. Die totale uitset van dié entiteite kom neer op nagenoeg 28% tot 30% van die land se totale behoefte aan vloeibare brandstof van watter aard ook al.

Waar lê Sasol se waarde as dit nie direk tot laer petrolpryse lei nie?

In 'n artikel wat verlede maand in die Daily Investor verskyn het, word Sasol se uitvoerende hoof, Simon Baloyi aangehaal waar hy beweer dat die land se bruto binnelandse produk binne 'n jaar met 5% sal daal indien Sasol sy jaarlikse R20 miljard belegging in instandhouding van infrastruktuur sou staak. Volgens 'n 2024-verslag oor die bydrae tot die plaaslike en nasionale ekonomieë, wat deur FTI Consulting saamgestel is, beloop Sasol se uitgebreide stroomopsektor (mynbou, vervoer, lone en salarisse, nuts- en ander dienste) meer as 4,38% van die land se bruto binnelandse produk. Voorts voer die verslag aan dat die uitgebreide onderneming meer as 3% van die land


se werkseleenthede verskaf en dat die direkte, indirekte en geïnduseerde ekonomiese impak tot 10,06% van die totale regeringsinkomste bydra.

Waar is Sasol se glug-glug dan?

Die invloed van die uitgebreide waardeketting van Sasol kan nie gering geskat word nie. Behalwe om 'n mate van stabiliteit in die voorsieningsketting van die land se energiebehoefte te verseker, is die onderneming een van die grootste korporatiewe belastingbetalers. Wanneer 'n motoris weer by die braaivleisvuur wonder waarom Sasol dan daar is as hy nie die petrolprys kan afbring nie, draai maar die tjoppie om en skink nog iets kouds, want die onderneming doen beslis sy deel vir die nasionale fiskus, werkskepping, kapitaalbesteding en sosio-ekonomiese stabiliteit. **N**

Bronne: Sasol, Statbase.org, In2013dollars.com, FTI Consulting, UJ: Sasol from parastatal to privatisation, Oxpeckers.org, Daily Investor.

*Versfeld is 'n nuusvraat, 'n mediabeampte en 'n voormalige navorsers by die Gauteng-provinsiale wetgewer. Hy het tans geen belang by Sasol nie en dié mening is sy eie.



MOTOR | HUIS | BESIGHEID

**Jy het nie geluk gehad nie.
Jy het verantwoordelike besluite geneem.**

Jy het hard gewerk vir dit wat jy vandag het.

'n Gesinshuis. 'n Voertuig. 'n Besigheid. 'n Lewe waarop jou familie staatmaak.

Jy beskerm dit wat jy oor jare opgebou het want jy is die geslag wat nie kansse vat nie. Daarom verstaan ons by IntegriSure dat versekering oor meer gaan as 'n polis. Dit gaan oor gemoedsrus.

Meer as net versekering. Gemoedsrus.

Kom ons gesels →

www.integrisure.co.za

'n Gemagtigde finansiële diensteverskaffer. FDV:14595

Voel jy soos die ou troosprysie?



Padlang's

Alta Strauss

Het jy al ooit gevoel soos die ou troosprysie? Asof jy iets misloop in die lewe wat jy nooit gehad het nie? Asof jy nooit die een was wat gekies is nie. Nie die gunsteling was of ooit heeltemal gehad het wat dit verg nie. Die een wat net altyd daardie klein bietjie tekort skiet?

Soms het verwerping niks te make met jou waarde of jou vermoë nie. Soms laat die Here hierdie dinge toe sodat ons kan sien waarin ons ons vertrou plaas en waaraan ons ons waarde meet.

So eienaardig as wat dit mag klink, gebeur dit dat ons baie maal hunker na iets wat ons dink die ideaal behoort te wees. Daardie prentjie wat ons in ons kop gehad het van die perfekte lewe en die perfekte jy. Of wie jy dink, ander dink, jy moet wees of wat hulle verwagting vir jou was.

Die gevolg is dat jy dan, selfs al het jy 'n pragtige en wonderlike lewe en is jy ook hoe suksesvol, steeds voel asof jy iets misgeloop het wat jy moes hê, of iemand misgeloop het wat jy moes wees. Iets of iemand wat nooit was nie. Die hartseer hiervan is dat hierdie ervaring jou weerhou daarvan om die mooi van jou lewe in hierdie nou-oomblik te sien en die wonder van wie jy nou is, te vier.

Het jy al ooit regtig jou afgevra, wat as hierdie plek waar ek nou is en wie ek nou is selfs beter is! Of... Wat as hierdie fase waarin ek my tans bevind, voorbereiding is vir dit wat kom. Iets mooier as waarvan jy ooit sou kon droom, bid of hoop!

Ons vergeet baie maal dat niks ons van God se liefde vir ons kan skei nie. Dat God se liefde vir ons nie verander wanneer ons met emosies stoei nie. Dat Hy belooft dat

Hy nooit sy beloftes, roeping en talente sal terugneem nie. Dat Hy belowe dat Hy alles ten goede sal laat meewerk. Selfs al werk dinge nie altyd uit soos ons dit beplan of dink die beste is nie.

En elke keer as jy twyfel in God se plan en aan Hom probeer voorskryf, word stil en sê: "Here, ek kies om U te vertrou. Ek weet U weet beter. Wys my die pad en ek sal daarlangs stap."



Wat as dit presies die kosbare les is wat Hy jou in hierdie seisoen wil leer? Dat jou waarde nie deur die goedkeuring of afkeer van ander bepaal word nie. Dat jy nie liefde nodig het nie, maar dat jy alreeds geliefd is. Dat die afwesigheid van erkenning nie beteken jy is vergeet nie. Dat jy dalk nie altyd alles verstaan nie, maar dat dit nie beteken dat alles verlore is nie.

Baie maal wil ons hê dat God ons in sy perfekte wil en plan vir ons lewe moet inneem, maar ons wil bly vashou aan die ou gewoontes of mense wat nie deel is van die plek of posisie waarheen Hy ons wil neem nie.

Vertrou God in hierdie fase van jou lewe. Vertrou Hom volkome. Hou wag oor jou gedagtes en dit wat in jou hart omgaan. Vra jouself, meet ek my waarde aan die opinie van ander of dalk my eie twyfel, of aan God se Woord en sy liefde en sy trou?

Soms laat God toe dat daardie fondasie wat nie sy plan vir jou lewe kan dra nie, wankel en inmekaar val. Soms laat God toe dat dit jou teleurstel en dat daardie teleurstelling jou seermaak, sodat jy opnuut kan besef jy is 'n stad op 'n berg, nie 'n krot in 'n moeras nie. Jy is bedoel om op hoë plekke te loop, nie in dryfsand te spartel nie.

Wees die jy wat God jou geroep het om te wees. Die één wie se lig net helderder en helderder skyn hoe donkerder dit raak. Die één wat nie die lof van ander nodig het om onmisbaar te wees nie. Die één wat nie weggesteek kan word nie, ongeag of iemand jou erkenning of goedkeuring gee of nie. Die één wat onvergeetlik bly omdat God jou naam ken!

Jy is nie 'n troosprysie nie! Jy is uitverkore, geroep tot grootsheid en presies waar jy moet wees! Jou lewe is nie 'n mislukking net omdat dit nie verloop het presies soos jy gedink het dit moes nie. Dit lyk maar net 'n bietjie anders, dis al. Wat belangriker is, is dat jy reeds alles het wat jy nodig het om dit die beste lewe ooit te maak!

Laat alles los wat jou terughou om God se deel vir jou in besit te neem. Mag jy die buitengewone guns en goedheid, kreatiwiteit en wysheid, insig en strategie uitleef wat God alreeds in jou geplaas het. En mag jy God waarlik en waaragtig in alles vertrou! **N**

**Alta Strauss is breinprofielpraktisyn, motiveringspreker en skrywer.*

Die Wonderboom: rampe en ellendes!



PRETORIA
HISTORIA

Riana Mulder

Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder



Die wens word dikwels uitgespreek dat een of ander voorwerp 'n stem moes gehad het om vir ons te kan vertel wat dit al alles beleef het. Die Wonderboom sou beslis 'n hele klomp stories gehad het om oor te vertel!

Wat alles in die boom se lang leeftyd gebeur het, sou ons maar net kon raai.

Ons weet dat 'n groot deel van die boom teen 1871 afgebrand het, en die rede is opgeklaar deur mev. Bettie von Maltitz, 'n nasaat van die Prinsloo-familie wat 'n deel van die plaas Wonderboom besit het. Die familie het tydens hierdie voorval nog nie op die plaas gewoon nie. Die storie lui: Blykbaar wou een van die Prinsloos 'n meisie beïndruk deur vir haar 'n leeu te gaan jag. Op pad na die jagveld in die noorde het hy dit goedgedink om 'n ekstra ryperd onder die Wonderboom te laat vir sy terugreis. Die groot ou moederstam was hol en 'n goeie bēreplek vir ekstra voer, en 'n agterryer is agtergelaat om na die perd om te sien. Dit was egter nie lank nie, of dié ou kry koud en begin vuurmaak, feitlik

teenaan die boom waarin die voer gestoor is. 'n Vonk het die voer aan die brand laat slaan, en uiteindelik het 'n groot deel van die Wonderboom afgebrand.

Hierdie skade is in die vroeë sewentigerjare van die negentiende eeu goed gedokumenteerd, alhoewel nie een van die skrywers die oorsaak van die brand genoem het nie. Pres. T.F. Burgers skryf bv. dat van die takke afgekap is en dat die boom op daardie stadium in 'n baie vernielde en verwaarloosde toestand was: "De schoone Wonderboom werd de bijl ten prooi. Meedogenloos werd zijn verheven kroon afgehakt om tot timmerhout voor de eienaars der plaats te worden verzaagd. De dikke stam met zijn takken bleef staan. Maar aldus misvormd werd die spoedig deur verrotting aangetast. Een geweldige brand deed het overige van het werk der vernieling, zoodat nu slechts de rinde met de zijtakken nog overgebleven is. Opengespleten en naar alle kanten weggezakt, liggen de statige bogen nu daar, een volkomen ruïne van een Woda's tempel. En toch kunnen er nog eenige

honderden van menschen te gelijk skaduw vinden."

Rowland Atcherly se weergawe in sy boek *A Trip to Boerland* lui so: "In company with several others, I enjoyed a picnic to the 'Wonderboom', a banyan tree growing some few miles north of Pretoria. In order to reach it, we had to drive through the poort, or pass, through the Magaliesberg, and I had a fine opportunity of seeing the country. I should imagine that part to be particularly rich in minerals. Brodrick showed me some galena which came from close by here. The Wonderboom, however, belied its name. Perhaps, some few years ago, it might have had a striking appearance, but at present the rooted branches have been chopped away for firewood, and nothing remains but a mouldy, dilapidated stump."

In 1871 skryf Thomas Baines in sy dagboek die volgende: "On the north of us, where the Apies River breaks through Maghaliesberg, is the Wonderboom poort,

Na bladsy 20

Die Wonderboom: rampe en ellendes! (vervolg)

Van bladsy 19

so called from a wonderful fig-tree which has now been cut down for timber, but of which the stumps still remain to attest its former age."

Hierdie beskadiging van die boom het deur die jare voortgegaan, totdat vroeg in die twintigste eeu gevrees is dat die hele Wonderboom sal uitsterf. Veral die dertigerjare was vir die Wonderboom 'n krisistydperk. Ten eerste het die Groot Droogte en die Depressie gelei tot uiterste armoede, ook onder inwoners van die Pretoria-Noord-omgewing. Die Wonderboom het saam swaargekry, want takke is gedurig afgekap vir vuurmaakhout.

Ten tweede vertel Lawrence G. Green in sy boek, *Secret Africa* dat fortuinsoekers in die dertigerjare groot skade aan die boom se wortels aangerig het. Hy sê: "The danger to the 'Wonderboom' arose through the dreams of a woman prophet in Pretoria who declared that a great hoard of gold lay buried near the roots, or in the huge trunk itself. The story became linked with the legend of the Kruger Millions – the boxes of gold which the old President was supposed to have taken to Europe with him when he left the Transvaal. Dr. Leyds, former Transvaal Secretary of State, who accompanied Kruger on that journey, has since declared that no Government gold was buried during that period. Yet belief in the treasure persists. Many holes, some seven feet deep, have been dug among the roots." Hy noem terloops ook dat die boom verder beskadig is: "Most of the loop connections have been chopped up by thoughtless visitors, while the interior of the main trunk has been mutilated by fire."

Reeds vroeg ná Uniewording is Dingaansdag (later Geloftedag) onder die koepels van die Wonderboom gevier. Meer as 'n duisend mense kon onder die boom gehuisves word, en die atmosfeer was plegtig en stemmig. Dit was dan ook die Wonderboom Dingaansdagkomitee wat teen die dertigerjare baie bekommerd oor die toekoms van die boom begin raak het, en versoek het dat 'n Wonderboom Aankoopkomitee gestig word wat hul kon beywer tot die aankoop van die

stuk grond en die verdere versorging en instandhouding van die boom self.

Die Komitee het op 7 Augustus 1931 vir die eerste keer vergader en het sestig lede gehad. Opsies vir die koop van dié gedeelte van die plaas Wonderboom is toe reeds deur die Dingaansdagkomitee verkry, en in 1934 aan die Aankoopkomitee oorgedra. Op grond van die geskiedkundige en wetenskaplike waarde van die Wonderboom, is besluit om die regering, provinsiale administrasie en plaaslike owerhede te nader om finansiële steun.

Die versoeke op hoër owerheidsvlak was onsuksesvol, maar ná oorweging het die stadsraad van Pretoria wel besluit om 'n gedeelte van die plaas Wonderboom van mnr. C.B. van Deventer en mev. A.E. van der Linde, gesamentlike eienaars, aan te koop. Die Aankoopkomitee is kort ná die transaksie vervang deur die Raadgewende Wonderboomkomitee, wat sou help met die ontwikkeling van die gebied. In Mei 1949 word die Wonderboomgebied tot wild- en inheemseflora-reservaat geproklameer.

Amptelike status het egter nie die Wonderboom ten volle teen skade beskerm nie. Alhoewel beheerde toegang die skade wat deur mense aangerig kon word, beperk het, moes die boom nog steeds natuurrampe oorleef.

Pretorianers weet dat die oënskynlik kalme Apiesrivier ná 'n groot storm maklik verander in 'n brullende gedierte wat alles voor hom wegswiep. Die rivier was in elk geval 'n baie sterker stroom voordat dit in die vroeë twintigste eeu gekanaliseer is. Die kunstenaar Pierneef het bv. vertel dat hy en sy maats as kinders in poele geswem het wat groter was as "enige van Pretoria se huidige swembaddens".

Rekords en foto's bestaan van verskeie geleenthede waartydens die Apiesrivier sy walle oorstroom het. In Desember 1897 was daar so 'n vloed, en weer in 1909. Tydens laasgenoemde het drie mense verdrink. Boere langs die rivier, noord van die poort, het deur die jare nog talle kere skade gely en ooste verloor as gevolg van oorstromings.

Ouer inwoners van die Wonderboom-

omgewing sal onthou van die rampspoedige vloed van 1978, toe elf mense verdrink het en miljoene rande se skade aan motors, karavane, huise en boerderygrond aangerig is. Water het opgestoot tot in die huidige Lavenderweg, en beide die Joos Bekker- en die Hi Way-Karavaanpark is oorstroom.

In teenstelling is die vroeë tagtigerjare in Pretoria gekenmerk deur 'n groot droogte. Ook die Wonderboom se immergroen blare het in 1984 tekens van verdorring begin toon, tot groot ontsteltenis van kenners en inwoners van die gebied. Die Parke-afdeling van die stadsraad moes ingryp, en het 'n paar duisend liter water uit die Apiesrivier gepomp om die ou reus van verdroging te red. Dit het gelukkig gehelp.

Dit was egter nie die einde van die ellendes wat die boom binne daardie volgende jaar sou tref nie. Op 7 Januarie 1985 rapporteer Jackson, die getroue ou werker wat sedert die vyftigerjare die boom help oppas, dat een van die dogterstamme in die nag omgeval het. By nadere ondersoek is gevind dat die boom aan die oostekant van die groep was, en dat die spesifieke boom se hele wortelstelsel ineengestort het en 'n waterige afskeiding afgee. Noodmaatreëls is onmiddellik getref: Die besmette materiaal is verwyder, oop wonde verseël en die boom is in kwarantyn geplaas om verdere besmetting te verhoed.

Toetse deur kundiges het bepaal dat die skade veroorsaak is deur 'n swam wat veral op dooie plantmateriaal leef, en alle dooie witstinkhoutbome in die onmiddellike omgewing is dadelik verwyder.

Die belangrikste gevolg van die ramp was egter dat almal besef het hoe kwesbaar die eeue oue boomreus werklik is, en die stadsraad het dus besluit om toegang in die toekoms te beperk en die boom self so goed omhein dat niemand dit meer kan beskadig of besmet nie.**N**


Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com



Die Boekeblad

met Graffiti Boeke

Nuut op die rak



Douwenis – Daniël Lötter

R320, Protea

Douwenis is 'n meesleurende historiese roman oor wat gebeur wanneer 'n gemeenskap se geheime nie langer begrawe kan bly nie.

Wanneer die moord op Hesje van der Merwe die Hantamwyk in rep en roer bring, word die Van der Merwe-familie se naam, eer en skuld onder die vergrootglas geplaas.

Maar elke "getuie" vertel 'n ander weergawe van dieselfde waarheid. Met veelvuldige vertellers en tydspronge ontvou die verhaal rondom die aanloop tot en nasleep van die moord.

Uiteindelik bevind die 21-jarige Carel van der Merwe hom op 1 Julie 1838 in 'n sel in Kaapstad, waar hy op 'n uitspraak wag wat oor sy lewe sal beslis.

Terwyl sy regsvertegenwoordigers en die publiek die saak as buitengewoon beskou, word die grense tussen skuld, waarheid en geregtigheid al hoe meer vervaag.

Douwenis is 'n verhaal van mag en afhanklikheid, geloof en geweld, liefde en verraad – en van 'n vonnis wat uiteindelik nie net oor een man gaan nie, maar oor 'n hele gemeenskap se gewete.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

Twee halwes maak 'n hele – Marita van der Vyver

R280, Tafelberg

Lira word na 'n Griekse eiland gestuur om by haar ouer halfsuster, Cass, te gaan bly nadat 'n skandaal haar gesinslewe uitmekaar ruk.

Cass se sorgvrye lewe op Lesbos is in skrilte kontras met Lira en Eugenie, hulle ma, se perfek voorafbeplande lewe in Kaapstad. Op die eiland ontmoet Lira ook vir Erik, 'n Nederlandse kelner, by een van die plaaslike restaurante.

Eugenie besluit om vir Lira en Cass op die eiland te kom kuier voordat Lira moet terugkeer Kaapstad toe. Sal hulle hul verhouding kan herbou? Sal Eugenie ooit kan leer ontspan en haar skanse laat sak? En sal vampier-Lira uit haar dop kruip en leer om in die oomblik te leef?

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

Wen die stryd in jou gedagtes, 100 oordenkings – Joyce Meyer

R300, LUX VERBI

Bekende TV-persoonlikheid en topverkoperskrywer Joyce Meyer moedig lesers aan om beheer te neem oor hul negatiewe gedagtes en 'n meer vrugbare lewe te leef met hierdie 100 oordenkings.

Lesers word daagliks gewaarsku teen die slaggate van negatiewe denke en maniere gewys om gesonde gedagtes aan te leer.

Joyce begin elke dag se oordenking met 'n gepaste Bybelteks en sluit dit af met 'n gebed wat die leser sal help om te fokus op elke dag se oorwinning van die stryd in hul gedagtes.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za



TOPVERKOPERS



Hier is die week se topverkopers:

- 10 **Brandstapel**
– Marie Lotz
- 9 **Enigma**
– Rudie van Rensburg
- 8 **Grensloos**
– Wilna Adriaanse
- 7 **'n Ierse knoop**
– Elsa Winckler
- 6 **Twee halwes maak 'n hele**
– Marita van der Vyver
- 5 **Jagspinnekop**
– Erla Diedericks
- 4 **Rebekka van Kameeldoornplaas**
– Irma Joubert
- 3 **Douwenis**
– Daniël Lötter
- 2 **Blinde kol**
– Martin Steyn
- 1 **Op Lig**
– Thilde Nel

Wen al drie die boeke!



'n Gelukkige leser het die kans om hierdie boeke te wen.

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

Wie het *Twee halwes maak 'n hele* geskryf?

Whatsapp jou antwoord saam met jou naam en **volledige** adres na **072 386 5997**.

Inskrywings sluit Maandag
14 September 2026.

Die winner sal lukraak gekies word en in volgende week se *Nuusweek* aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

Wenner van 04 Sept 2026 se boekekompetisie is: Samuel van Dyk, Villieria

Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by

www.graffitiboeke.co.za

teen **10% afslag**.



Leef soos geseëndes

In Matteus 5 lees ons in Jesus se Bergpredikasie die volgende: "Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang ... Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word." (Matteus 5:5 & 9)

Tans is die manier van hierdie wêreld om deur mag te vat wat jy graag wil hê. Die een met die meeste en grootste wapens wen. Die een wat die hardste skree, word gehoor. Die een wat die meeste intimideer, en vrees kan inboesem, se saak seëvier. Wêreldleiers sê dat hulle nog nie reg is vir vrede nie. Terwyl Jesus in dieselfde preek sê: "Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word." Dit was deur die geskiedenis nog altyd so. Wêreldryke is met militêre mag opgebou, en dan deur vrees en intimidasie in stand gehou. Wanneer Jesus hierdie woorde met die wêreld deel, is die magtige Romeinse Ryk in beheer van die streek. Hulle het enige opstande wreed onderdruk, en mense is in die openbaar gekruisig om die bevolking verlam van vrees te hou. Dit was destyds, en is vandag, die wêreld van die sterkste.

Dit is waar God se koninkryk so anders is. Hierdie boodskap sou so skokkend wees vir die skare mense wat daar om Jesus gesit en luister het na die boodskap van die nuwe koninkryk van God. Hulle het 'n

verwachting gehad dat 'n Messias sou kom, 'n sterk leier wat die volk bymekaar sou maak, en dan met mag die Romeine oorwin en uit die land uit jaag. Die Here bou egter nie sy koninkryk met mag nie. Hy bou dit nie met oorlog nie. Jesus sê dat ons juis geseënd is wanneer ons sagmoedig van hart is. Sagmoedigheid kom nie somer net vanself nie. Ons het van nature harde harte, wat op onself en ons eie begeertes gerig is. Die Heilige Gees kom verander ons – Hy haal die hart van klip uit en gee vir ons 'n nuwe hart, sê Esegieël 36:24. In die Bybel sien ons 'n hele paar manne wat as sagmoedig beskryf word. Moses word as die sagmoedigste mens op aarde beskryf in Numeri 12:3. Ons kry 'n omgeehart by God, wat sag met ons naaste werk. Ons is beskikbaar dat die Here ons kan gebruik om ons naaste te seën.

Sagmoedigheid beteken nie dat ons lafhartig word en vir alle gevaar weghardloop nie. Dit beteken nie om swak te wees en in die lewe rondgeskop te word nie. Inteendeel, sagmoedigheid getuig van iemand wat innerlik sterk is deur die Gees. Sagmoedige mense is dapper in hulle verdediging van dit wat reg is. Sagmoedigheid is 'n gesonde verstaan van my identiteit in Christus, en dit raak my manier van optree teenoor my naaste. Ons is volgelinge van ons Here Jesus, Hy wat Homself bekend gestel het as



Ds. Dirk du Preez
NG Gemeente Deneyville

sagmoedig en nederig van hart. Ons volg in sy voetspore, Hy is ons Rolmodel.

Iemand wat sagmoedig is, is nederig. Hy of sy is dankbaar en tevrede. In daardie sin het ons reeds die nuwe aarde ontvang. Ons is bewus van die Here se teenwoordigheid, sy versorging, en sy leiding op ons lewenspad. Ons het alles wat ons nodig het om Hom te dien, en voluit te lewe! Bo dit alles beteken sagmoedigheid dat jy geseënd is. Dat jy dan binne God se wil leef.

Dis so 'n paradoks met wat die wêreld voorhou. Die wêreld sê: Baklei alles reg! En dis iets wat maklik is om reg te kry. Die natuurlike reaksie wanneer mense bedreig voel, is mos om teenstand te bied en terug te baklei. Maar God se koninkryk werk anders. Dit werk op die moeilike manier. Sagmoedigheid, nederigheid, vrede. Dis die eienskappe in God se koninkryk. Wanneer wêreldleiers weer sê dat hulle sal besluit wanneer vrede in 'n oorlog bereik sal word, onthou gerus: Ons het gekies om die Een te dien wat sê: "Geseënd is die vredemakers ..." **N**



VANDAG IN DIE
VERLEDE
Albe Grobbelaar

Dit is vandag 11 September, of in Amerikaanse terme NINE / ELEVEN (9/11), 'n dag in die geskiedenis wat nooit vergeet sal word nie. Dit was op 11 September 2001, vandag 25 jaar gelede, dat daardie gekaapte vliegtuie in New York se tweelingtoringe, die World Trade Center, en ook in die Pentagon vasgevlug het.

Hierdie terreuraanvalle het die dood van digby 3 000 mense tot gevolg gehad en die verloop van die geskiedenis verander.

Die naam Zeiss sal altyd aan top-kwaliteit lense en mikroskope gekoppel word. Die man wie se naam deur sy produkte verewig is, was Carl Zeiss, 'n Duitse industrialis en optikus wat op 11 September 1816 gebore is.

Die Engelse romanskrywer, D. H. Lawrence, veral bekend en berug oor sy boek Lady Chatterley's Lover, is op 11 September 1885 gebore. Hy het ook reisbeskrywings, gedigte en toneelstukke geskryf. Lady

Chatterley's Lover, wat al in 1928 geskryf is, is eers in 1960, ná 'n uitgerekte hofspraak, in Engeland gepubliseer.

Dr. Gerrit Viljoen, die eerste rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU), sou vandag 100 jaar oud geword het. Dr. Viljoen was naas rektor ook voorsitter van die Broederbond vanaf 1974 tot in 1980, administrateur van Suidwes-Afrika van 1978 tot 1980 en toe ook 'n kabinetsminister tot in 1992. Hy is in 2009 oorlede. **N**



#vrydagfeite

In April 1943 het 'n skip met 500 Poolse weeskinders aan boord in Port Elizabeth vasgemeer, nadat Suid-Afrika ingestem het om hulle in Oudtshoorn te huisves.

Hulle was die kinders van die sowat 400 000

Poolse Jode wat na Siberië gedeporteer is, ná die Sowjet-unie se besetting van oostelike Pole in 1939. Toe die gedeporteerdes vrygelaat is, is duisende kinders wees gelaat.

Jan Smuts het daartoe ingestem dat Suid-Afrika 500 van die kinders sou inneem. Dit was 299 seuns en 201 dogters saam met sowat 60 versorgers en opvoeders.

Hulle het hul voete in die karoodorpie gevind en die kindershuis of vlugtelingkamp, genaamd Dom Polskich Dzieci, het as Klein Pole bekend gestaan.

Poolse leerkragte en 'n Poolse priester het belangrike rolle vervul, en Ouma Issie Smuts het persoonlik by die kinders se skoolopvoeding betrokke geraak.

Baie van dié kinders het later as volwassenes in die land agtergebly en Suid-Afrika se Poolse gemeenskapswortels kan teruggevolg word tot by daardie kindershuis in Oudtshoorn.

In 2025 is 'n graniet gedenkteken asook 'n Poolse erfenisroete in die dorp onthul

Bron: @slimjan. **N**

CashBuild (JSE - CSB)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.



Agtergrond

Cashbuild is die grootste kleinhandelaar van boumateriaal en verwante produkte binne Suid Afrika.

Kernbevinding

'n Moontlike dalendewigformasie (moontlik positief) hou beleggers sku.

Wat is 'n dalende wig? 'n Dalende wig is 'n tegniese patroon wat vorm wanneer die prys mettertyd afwaarts beweeg, maar die tempo van die daling al hoe stadiger raak sodat die twee tendenslyne van bo en onder na mekaar toe begin beweeg. Dit beteken dat die mark nog laer hoogtepunte en laer laagtepunte maak, maar elke nuwe laagtepunt is minder aggressief as die vorige een. Hierdie saamdruk van prysbewegings wys dat verkopers se krag besig is om stoom te verloor, terwyl kopers stadig meer momentum opbou. Wanneer die prys uiteindelik bo die boonste weerstandsllyn uitbreek, word dit gewoonlik gesien as 'n positiewe sein dat die afwaartse beweging sy einde bereik het en dat 'n moontlike ommekeer na 'n opwaartse tendens kan begin.

Wat is 'n stogastiese indikator? 'n Stogastiese indikator is 'n eenvoudige hulpmiddel wat wys hoe vinnig en hoe ver 'n instrument/aandeel se prys oor 'n kort tydperk beweeg het, en dit help die tegniese belegger wanneer die prys dalk te vinnig gestyg het (oorgekoop) of te vinnig gedaal het (oorverkoop). In gewone taal is dit soos 'n warm of koud-meter vir prysbewegings — "hoog" beteken die prys het te vinnig en te veel gestyg en "laag" beteken dit het te vinnig en te ver gedaal.

Bo lyn A (R113,87) kan ons die eerste teken van tegniese sterkte sien.

Bo lyn B (R118,11) kan die formasie na bo breek, en indien momentum na bo aan die gang kom, kan die aandeel dalk mettertyd na R139,00 beweeg.

Onder R100,79 kan die aandeel laer daal, die positiwiteit uitwis, en moontlike teikens na onder is: R100,00; R99,70; R98,68; R97,38; R96,29; R95,39; R94,74; R93,73; R92,43; R91,34 en R90,00 is nie 'n onmoontlike teiken nie.

Ignoreer die aandeel onder R105,51.

Vir spekulate – koop of gaan lank bo lyn A (R113,87), slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies soos bespreek en uitgewys op die grafiek sal uitwerk, maar gebruik R105,51 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is: R114,45; R115,00; R115,78; R116,44; R117,65; R118,67; R119,42; R120,11; R121,78; R122,45; R124,40; R126,79; R127,40; R128,67; R130,00; R131,50; R132,28; R134,09; R136,23; R138,67; R139,00; R140,16 en R141,63.

Vir medium- tot langtermynbeleggers – doen dieselfde as die spekulate, maar gebruik dieselfde keerverlies as deurgegee aan spekulate. Verhoog blootstelling bo lyn B (R118,81), maar gebruik dan R114,45 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – R116,56) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddeld is beleggers sku vir die aandeel, maar bo die gemiddeld is hulle positief.

Belangrike vlakke om dop te hou

Indien die instrument kopers lok bo lyn A; kan die instrument dalk na: R114,45; R115,00; R115,78; R116,44; R117,65; R118,67; R119,42; R120,11; R121,78; R122,45; R124,40; R126,79; R127,40; R128,67; R130,00; R131,50; R132,28; R134,09; R136,23; R138,67; R139,00; R140,16 en R141,63.

Opsomming

Koop of gaan lank bo R113,87, maar gebruik R105,51 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

Gevolgtrekking

Optimisme is aan die opbou, maar nog nie bevestig nie, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

Vrywaring

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggingsadviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

Nuusweek en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

Frans de Klerk

Onafhanklike tegniese ontleder
verbonde aan

fransdeklerk.com

Tel: 082 900 9996

Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op poste vir meer info



Administrasie

JUNIOR VRAG-ASSISTENT - Keringa CC | Kempton Park | Sluitingsdatum: 12/09/2026

Administratiewe Klerk - Waterpump services | Daspoort, Pretoria | Sluitingsdatum: 15/09/2026

Administratiewe Beampte: Akademie (12 Maande Kontrak)- Sol-Tech Beroepsopleidingskollege | Pretoria | Sluitingsdatum: 16/09/2026

Sales & Account Administrator - Effectual Energy Consultants | Lyttelton | Sluitingsdatum: 18/09/2026

Ambag

Loodgieter - Maintenance Risk Solutions | Wonderboom South, Pretoria | Sluitingsdatum: 15/09/2026

Kwaliteit Inspekteur *Sweis / Quality Inspector Welding - Staffworx | Pretoria | Sluitingsdatum: 18/09/2026

Au Pair

AU PAIR - ABC AU PAIRS | Pretoria | Sluitingsdatum: 18/09/2026

Au Pair/Administratiewe Assistent - Gooseberry Gastehuis | Linden, Randburg | Sluitingsdatum: 18/09/2026

Bestuursposte

Restaurant Bestuurder - Rosewood Terrace | Pretoria | Sluitingsdatum: 12/09/2026

Operations Manager (Hotel) - Finding Personnel | Pretoria | Sluitingsdatum: 15/09/2026

Winkelbestuurder (Kleinhandel) – HOKA Vlagskipwinkel- Ikhambi Distribution (HOKA RETAIL) | Sandton | Sluitingsdatum: 15/09/2026

Junior Winkelbestuurder (Kleinhandel) – HOKA Vlagskipwinkel- Ikhambi Distribution (HOKA RETAIL) | Sandton | Sluitingsdatum: 15/09/2026

Kleinhandelwinkelbestuurder - Stoff Habitat | Parys | Sluitingsdatum: 18/09/2026

Finansies

Junior Boekhouer - Spiral of Hope | The Willows, Pretoria | Sluitingsdatum: 13/09/2026

HEAD: Finance & Commercial Strategy - QMS Technologies (PTY) LTD | Groblersdal | Sluitingsdatum: 15/09/2026

Debtors Clerk - QMS Technologies (PTY) LTD | Groblersdal | Sluitingsdatum: 15/09/2026

Professional Accountant (SA) - BVSA Konsult (Pty) Ltd | Port Alfred | Sluitingsdatum: 18/09/2026

Finansiële Rekenmeester (Motor Vervaardigings Industrie)- Staffworx | Pretoria | Sluitingsdatum: 18/09/2026

Gasvryheid

Reservationists - Owlwork Recruitment | Sea Point, Cape Town | Sluitingsdatum: 12/09/2026

Gastehuis en Gasvryheidskoördineerder - Decollage Estate | Pretoria | Sluitingsdatum: 15/09/2026

Grafies

Large Format Print Operator Sublimation / Graphic DTP- Spiral of Hope | The Willows, Pretoria | Sluitingsdatum: 13/09/2026

IT

New Integrations Officer - Y-Labour (Pty) Ltd | Alberton | Sluitingsdatum: 15/09/2026

Full Stack Developer/Flutter Developer - Datchi | Centurion | Sluitingsdatum: 18/09/2026

Internskappe

Commercial Buying Internship/Internskap - African Alliance | Illovo, Sandton | Sluitingsdatum: 18/09/2026

Kombuisposte

Ontbytjef / Chef De Partie - Decollage Estate | Pretoria | Sluitingsdatum: 15/09/2026

Kommunikasie & Bemarking

Solidariteit: Kampusorganiseerder:

Akademia - Solidariteit | Kloofsig, Centurion | Sluitingsdatum: 18/09/2026

Bemarking spesialis *Konstruksie/ Staal Strukture - Staffworx | Pretoria | Sluitingsdatum: 18/09/2026

Marketing and Telesales - Treats Food Distributors | Monument Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 18/09/2026

Onderwys

Tydlike Elektriese-lektor - Bo-Karoo Opleiding | Orania | Sluitingsdatum: 14/09/2026

Spesialisposte

Optometris - People Inc. | Olivedale, Randburg | Sluitingsdatum: 14/09/2026

Tegnies

Elektroniese Verkope en Tegniese

Steun - Micro Robotics | Centurion | Sluitingsdatum: 15/09/2026

Technical Battery Specialist - Duractec Batteries Wierdapark | Wierdapark, Centurion | Sluitingsdatum: 18/09/2026

Verkope

Verkoopsassistent (Kleinhandel) – HOKA Vlagskipwinkel- Ikhambi Distribution (HOKA RETAIL) | Sandton | Sluitingsdatum: 15/09/2026

Verpleeg

Verpleegkundige - Dr Anri Gerber Inc | Pretoria | Sluitingsdatum: 13/09/2026

Geregistreerde Staf Verpleegster (EN) vir aftree oord - Retire at Home (Pty) Ltd | Centurion | Sluitingsdatum: 18/09/2026

Werkgewers kan
GRATIS hul poste
adverteer by
www.solidariteit.co.za



www.solidariteit.co.za



Maak of breek in laaste RGR-toets

Die Springbokafrigter, dr. Rassie Erasmus, het slegs twee veranderinge aan sy beginspan aangebring vir môre se beslissende Castle Double Malt Rugby's Greatest Rivalry-toets teen die All Blacks in Baltimore, Maryland in die VSA.

Damian Willemse keer terug as heelagter in die plek van die beseerde Cheslin Kolbe, terwyl Morné van den Berg vir die eerste keer in die reeks op skrumskakel 'n wedstryd gaan begin, met Cobus Reinach wat na die plaasvervangersbank skuif.

Die Springbokke loop tans 2-1 voor in die reeks van vier wedstryde nadat hulle die All Blacks verlede naweek in Johannesburg met 29-24 geklop het. 'n Oorwinning of 'n gelykopuitslag in Baltimore sal die reeks aan Suid-Afrika besorg en die Bokke ook die eerste weners van die Rugby's Greatest Rivalry-kompetisie maak. 'n Oorwinning deur Nieu-Seeland sal die reeks gelykop laat eindig, met albei lande wat elk 'n gedeelte van die trofee sal ontvang.

Erasmus het besluit om grootliks dieselfde span te kies nadat die Bokke in die laaste twee wedstryde sterk vertonings gelever het. Hy glo die spelers is goed gevestig in hul posisies en weet wat om van die All Blacks te verwag.



Erasmus sê hy verwag 'n hewige reaksie van die All Blacks, maar dat die Springbokke slag gereed is vir nog 'n intense 80-minutestryd en vasbeslote is om die reeks sterk af te sluit en die trofee huis toe te bring.

Die kragmeting skop môre aand om 23:00 (SA tyd) af.

Ná die Baltimoretoets reis die Springbokgroep na Australië vir 'n eenmalige toets teen die Wallabies in Perth op 27 September.

Springbokspan teen die All Blacks in Baltimore:

1 Ox Nché, 2 Malcolm Marx, 3 Wilco Louw, 4 Eben Etzebeth, 5 Ruan Nortjé, 6 Siya Kolisi (k), 7 Pieter-Steph du Toit, 8 Jasper Wiese, 9 Morné van den Berg, 10 Sacha

Feinberg-Mngomezulu, 11 Ethan Hooker, 12 Damian de Allende, 13 Jesse Kriel, 14 Kurt-Lee Arendse, 15 Damian Willemse

Plaasvervangers:

16 Deon Fourie, 17 Gerhard Steenekamp, 18 Thomas du Toit, 19 Lood de Jager, 20 André Esterhuizen, 21 Cameron Hanekom, 22 Cobus Reinach, 23 Manie Libbok

Intussen het die Nieu-Seelandse vrouespan, die Black Ferns, ondanks 'n sterk wind verlede Saterdagmiddag op die FNB-stadion hul klas en ervaring ten toon gestel, toe hulle die Springbokvroue met 52-20 geklop het. Die rustydtekening was 24-10 in die besoekers se guns. **S**



S & P POWER UNITS



Ons verskaf al van
1991 af betroubare
sonpaneel installasies.



Ons herstel ook enige
stukkende kragomsetters.



1121 Steve Biko Road,
Wonderboom Suid, Pretoria



0123355734



0761247885



sales@sppu.co.za



www.sppowerunits.co.za



7 Oktober 2026
Wingate Park Country Club
Kos vir die dag ingesluit



R4 000 vir 1 span
R6 000 vir 2 spanne
R8 000 vir 3 spanne
'n Span bestaan uit
4 spelers

Spanboudaggeleentheid
vir besighede

Bring honde- of katkos na
Pretoria FM se kantore voor
7 Oktober om 'n verskil
te maak.



Proteas klop Zimbabwe oortuigend in T20I-driereeks-eindstryd

Suid-Afrika het verlede Sondag vir Zimbabwe met 48 lopies geklop om die T20I-driehoekigereeks, wat Namibië ook ingesluit het, by die FNB Namibië Krieketveld in Windhoek te beklink. Dit nadat die tuisspan vroeër uitgeskakel is.

Die Proteas het eerste gekolf en 205/5 aangeteken. Jordan Hermann het met sy eerste T20I-vyftigtal die beurt gelei. Hy het 53 lopies van 29 balle aangeteken, terwyl Connor Esterhuizen 32 van 23 balle bygedra het. Rubin Hermann het 27 aangeteken en Duan Jansen het met 'n vinnige 23 van 14 balle gehelp om Suid-Afrika verby die 200-kerf te neem.

Zimbabwe se lopiejaagtog het egter vroeg in duie gestort. Jansen en Eathan Bosch het die eerste vier paaltjies geneem voordat die draaibalboulers oorgeneem het. Die kaptein, Bjorn Fortuin, was die uitblinker met 3/24, terwyl Jansen ook drie paaltjies geneem het. Bosch het 2/22 in sy drie beurte behaal.

Zimbabwe is teen die 12de boulbeurt tot 83/8 beperk, maar Brad Evans het daarna sy eerste T20I-vyftigtal aangeteken. Hy het 'n onoorwonne 56 van net 31 balle gemaker, met vier sesse en vier viere.

Zimbabwe kon egter nooit werklik vir 'n

oorwinning meeding nie en is uiteindelik vir 157 uitgehaal.

Hermann is as Speler van die Wedstryd aangewys met Lhuan-dre Pretorius wat as die beste kolwer van die toernooi aangewys is, nadat hy 226 lopies aangeteken het. Dewald Brevis is as die Speler van die Toernooi aangewys, terwyl Duan Jansen die beste bouler van die toernooi was met 11 paaltjies altesaam.

Fortuin het ná die oorwinning gesê dit was bevredigend om te sien hoe verskillende spelers op belangrike oomblikke na vore tree. **S**



SÊ HALLO VIR MEER KLIËNTE!

ADVERTEER IN

NUUSWEEK

FM Pretoria

BEREIK JOU TEIEKENMARK

MEER SIGBAARHEID VIR JOU BESIGHEID

Laat een van ons konsultante jou help om jou besigheid na die **volgende vlak** te neem. Stuur 'n e-pos na

adverteer@pretoriafm.co.za

Jordan Hermann lei Proteas na groot oorwinning

Intussen het die aandag verskuif na die eendagrees van drie wedstryde tussen Suid-Afrika en Namibië wat vandeeweek begin het en tot 13 September duur. Dit is die eerste keer dat dié twee lande 'n eendagrees teen mekaar speel.

Die Proteas het Woensdag in die eerste kragmeting in Windhoek vir Namibië volgens die Duckworth-Lewis-Stern (DLS)-stelsel met 99 lopies geklop.

Die Proteas het eerste gekolf en 'n indrukwekkende 348/6 aangeteken. Jordan Hermann het in sy debuut die beurt met 'n skitterende 150 van 126 balle gelei. Hy het 17 viere en drie sesse gemoker. Hy het ook 'n reuse-190-lapie-verenootskap met Tony de Zorzi gevorm. De Zorzi het 72 van 84 balle aangeteken.

Namibië se lopiesjaagtog is egter deur reën ontwrig. Hulle was op 76/3 ná 21,3 beurte toe die spel vir meer as 'n uur onderbreek is. Nadat die wedstryd kortliks hervat het, het nog reën gevolg

en Namibië se teiken is volgens die DLS-metode aangepas na 262 lopies van 31 beurte, wat dit uiteindelik buite Namibië se bereik gelaat het.

Die tuisspan het 162/8 aangeteken, met JJ Smit wat met 'n vinnige 31 van 20 balle die beste van die laer orde gevaar het.



Die Proteas se bouler Prenelan Subrayen was die uitbinker met 4/29 in ses beurte, terwyl Kwená Maphaka twee belangrike paaltjies geneem het.

Vir Suid-Afrika het Dewald Brevis 33 van 28 balle aangeteken, terwyl Corbin Bosch die beurt sterk afgesluit het met 'n onoorwonne 39 van 24 balle.

Die Proteakaptein, Bjorn Fortuin, het ná die wedstryd gesê dit was goed om die reeks met 'n oorwinning te begin en het Hermann en Subrayen se vertonings uitgesonder.

Die tweede kragmeting begin vanoggend om 09:30, met die derde en laaste wedstryde wat Sondag plaasvind en ook om 09:30 begin. **S**



Griekwas en Pumas in CB-eindstryd

Die verdedigende kampioen, die Suzuki Griekwas, en die Airlink Pumas sal môre in Kimberley om die 2026 Carling Curriebeker Premierdivisietitel meeding nadat albei spanne hul halfeindstryde verlede naweek gewen het.

Die Griekwas het Sondagmiddag die Fidelity ADT Lions met 52-12 in Kimberley afgeransel, terwyl die Pumas die Toyota Cheetahs met 27-24 in Bloemfontein geklop het.

Die eindstryd in Suid-Afrika se oudste plaaslike rugbykompetisie skop om 15:00 by die Suzuki-stadion in Kimberley af. Hierdie kragmetings sal ook 'n herhaling van die 2022-eindstryd wees, toe die Pumas hul eerste, en tot dusver enigste, Curriebeker-titel verower het. **S**

UJ onoorwonne in Varsity Netbal-reeks

UJ het sy plek bo aan die punteleer versterk nadat hulle verlede Sondag UV Kovsies met 50-40 geklop het in die vyfde rondte van die Varsity Netbal-reeks. Hierdie vyfde oorwinning maak hulle die enigste onoorwonne span in die kompetisie.

Die verdedigende kampioene, die NWU Arende, het ook 'n oortuigende oorwinning behaal toe hulle die nuwelinge, SUT, met 60-37 verslaan het. UP-Tuks het die Madibaz met 62-39 geklop, terwyl Wits en Maties met 'n 47-elk-gelykopuitslag geëindig het.

Rondte ses en sewe se wedstryde vind komende Sondag en Maandag in Pretoria by die Rembrandt Saal plaas.

Op die punteleer beklee UJ tans die eerste plek met 20 punte, gevolg deur die NWU Arende met 16 punte. Tuks (14) en UV Kovsies (13) is onderskeidelik derde en

vierde. Met slegs twee rondomtalierondtes oor, sal Wits (vyfde met 10 punte) en Maties (sesde met agt punte) skouer aan die wiel moet sit om 'n plek in die uitspeelwedstryde te verkry. SUT is in die sewende plek met vyf punte en Madibaz is heel onder met 1 punt. **S**

Bepalings vir rondte 6 en 7:

Sondag 13 September:

- 13:00 Madibaz teen UV Kovsies
- 15:00 UP-Tuks teen UJ
- 17:00 NWU Arende teen Wits
- 19:00 SUT teen Maties

Maandag 14 September:

- 13:00 SUT teen UV Kovsies
- 15:00 Maties teen NWU Arende
- 17:00 UP-Tuks teen Wits
- 19:00 UJ teen Madibaz



Proteavroue kies 'n jong span vir geskiedkundige reeks teen Zimbabwe

Die hoofafrigter van die Proteavrouespan, Mandla Mashimbyi, het 'n jonger groep van 15 spelers aangewys vir hul geskiedkundige eerste T20I-reeks teen Zimbabwe wat van 11 tot 19 September in die buurland sal plaasvind. Al vyf wedstryde sal by Queen's Sports Club in Bulawayo gespeel word.

Kaptein Laura Wolvaardt sal die span lei, met drie spelers wat moontlik vir die eerste keer vir die nasionale span sal diens doen. Die 21-jarige snelbouler Caitlin Wyngaard van die Fidelity Titans is beloon vir haar indrukwekkende vertonings vir die Ontluikende Vrouekrieketspan tydens hul onlangse toer na Bangladesj.

Sy word vergesel van die voormalige SA o. 19-vrouespeler, Nthabiseng Nini, van die Warriors en Titans-bouler Luyanda Nzuzi, wat albei ook sterk vir die ontluikende span presteer het.

Die drie onervare spelers sluit aan by onder meer Faye Tunncliffe, Anneke Bosch, Ayanda Hlubi, Eliz-Mari Marx, Seshnie Naidu, Nondumiso Shangase en Miané Smit, wat almal die onlangse Wêreldbeker

in Engeland misgeloop het.

Die span sluit ook gereelde Proteaspelers soos paaltjiewagter-kolwers Sinalo Jafta en Karabo Meso asook die veelsydige spelers Kayla Reyneke en Annerie Dercksen in.

Mashimbyi sê die toer na Zimbabwe is om verskeie redes besonders, veral omdat dit die span se eerste besoek aan hul buurland is. Hy sien ook daarna uit om jong spelers uit die Proteas se ontwikkelingspylpyn die geleentheid te gee om hulle waarde op internasionale vlak te bewys.

Volgens Mashimbyi sal die toer ook belangrik wees vir Suid-Afrika se voorbereiding vir die IKR Vroue-kampioennetrofee in Februarie 2027. Die span het, met die T20I-reeks teen Indië in Desember ingesluit, ongeveer agt wedstryde om hul planne vir die kompetisie verder te verfyn.

Proteavrouegroep vir die T20I reeks teen Zimbabwe:

Laura Wolvaardt (k), Anneke Bosch, Annerie Dercksen, Ayanda Hlubi, Sinalo Jafta, Eliz-Mari Marx, Karabo Meso, Seshnie Naidu, Nthabiseng Nini, Luyanda Nzuzi, Kayla Reyneke, Nondumiso Shangase, Miané Smit, Faye Tunncliffe en Caitlin Wyngaard. **S**



VROU T20I-BEPALINGS

Proteas VS Zimbabwe

Queens Sports Club, Bulawayo

Vrydag, 11 September - 13:30

Sondag, 13 September - 13:30

Dinsdag, 15 September - 13:30

Donderdag, 17 September - 13:30

Saterdag, 19 September - 13:30

Saskok-president geskors te midde van ondersoek

Die president van die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (Saskok), Barry Hendricks, is met onmiddellike ingang geskors terwyl verskeie klagtes teen hom ondersoek word.

Saskok het vandeeweek bevestig dat Hendricks tydelik uit sy pos verwyder is in ooreenstemming met die organisasie se bestuursprotokolle en interne ondersoekprosesse.

Dit is Hendricks se tweede skorsing deur Saskok, nadat hy ook in 2020 as waarnemende president uit sy pos verwyder is. Die saak is egter later afgewys, waarna Hendricks nog dieselfde jaar as president verkies is.

Die afgetrede regter Basheer Waglay is aangestel om verskeie anonieme klagtes teen Hendricks te ondersoek. In sy verslag het Waglay bevind dat daar prima facie-bewyse is wat die verwysing van die



Barry Hendricks

klagtes na Saskok se geregtelike liggaam vir verdere optrede regverdig.

Volgens berigte is Hendricks onder meer in anonieme e-posse daarvan beskuldig dat hy Saskok-direksielede probeer oorreed het om vir 'n voorkeurdokandaat vir 'n vakante setel op die organisasie se uitvoerende komitee te stem.

Saskok beklemtoon egter dat Hendricks se skorsing nie beteken dat hy aan enige

oortreding skuldig bevind is nie. Maar volgens die organisasie is dié skorsing nodig om die integriteit van Saskok te beskerm en 'n deeglike en onpartydige ondersoek te verseker.

Saskok se vise-president, Lwandile Simelane, sal Hendricks tydelik as hoof van die direksie vervang.

Die 63-jarige Hendricks dien steeds as voorsitter van Muurbal SA en president van die Gauteng Sportraad.

Hierdie saak kom te midde van 'n groeiende aantal ondersoeke binne Suid-Afrikaanse sportbeheerliggame. Die presidente van Atletiek Suid-Afrika, James Moloi, en Swem Suid-Afrika, Alan Fritz, is ook geskors en word ondersoek. Die uitvoerende komitee van Karate Suid-Afrika bly intussen deur die Wêreld-Karatefederasie geskors, terwyl voormalige Netbal SA-president, Cecilia Molokwane, steeds ondersoek word. **S**